

HOOFSTUK 11



Die “stem van Potchefstroom” in die samelewing

Elize van Eeden

In die meer as ‘n halfeeu voor die selfstandigwording van die Universiteit het die stem van die latere PU vir CHO, sy dosente en studente reeds in die samelewing opgeklink. So was studente en dosente se vereenselwiging met en geesdrif vir Afrikaner-nasionalisme byvoorbeeld opvallend. Op nasionale vlak is dit ‘n bekende feit dat sommige dosente van die PUK hulle stem van protes duidelik laat hoor het en selfs “gerekelleer” het teen sake wat hulle as diskriminerend en onregverdig aangevoel het. Ook die politiek is beduidend deur hul rol in kultuurorganisasies beïnvloed. Hulle het gevolglik in die eeufeesvierings van die Groot Trek (1938) en die gepaardgaande kultuuraksies met entoesiasme en ook met emosie gedeel. Die Bybel is gedurende die dertigerjare in Afrikaans vertaal met Totius as een van die vertalers. Hierdie vestiging van die Bybel as kanseltaal én as kultuurtaal het ook ‘n rol gespeel in die bepaling van Afrikanersentimente - ook by sommige leiers binne die PUK-geledere. As nagevolg van die Suid-Afrikaanse Oorlog moes armlankes ook gedurende hierdie tydvak finansieel op die been gehelp word. Selfs enkele versoek vir soortgelyke hulp aan swart en kleurlingkultuurgroepes is gemaak. As gekyk word na die PUK se verbintenisse op internasionale gebied dan blyk dit dat die Universiteit gesonde akademiese bande en assosiasies met die Vrije Universiteit van Amsterdam Nederland gehandhaaf het op ‘n hartlike en kollegiale wyse.¹

Die invloedsfeer van die PU vir CHO was altyd oral merkbaar en die Universiteit was nie verskonend oor sy standpunte nie. Eerder kan die aard van die Universiteit se standpuntinnames getypeer word as oorwoë, oortuigend en prinsipieel beredeneerd. Debatte oor die aard en toepassing van die “CHO” in die naam van die Universiteit en redenasies oor die status van Afrikaans as onderrigtaal het ook van tyd tot tyd opgeklink - soms feller as ander kere. Met die selfstandigwording in 1951 het die PUK noodwendig op hierdie sentimente voortgebou. Dit is ‘n vanselfsprekendheid dat die PUK as universiteit gesien sou word as ‘n instelling wat geassosieer wou word met kennis en kundigheid en die invloed wat hiervan uitgaan. Die jare wat sou volg, was egter in vele opsigte vir die PUK ‘n andersoortige uitdaging om op streeks-, nasionale en internasionale terrein ‘n eie en unieke klank aan sy “stem” te gee. Ook moes die PUK standpunt inneem teenoor teenoorstaande denkstrominge en prosesse. In hierdie hoofstuk word gepoog om fasette van hierdie komplekse tema aan te raak deur eers ‘n oorsig aan te bied. Daarna word in meer diepte gefokus op die stem van die PU vir CHO in veral die politiek, die invloed van die klank van hierdie stem in die akademie (ook in Hoofstuk 5) en in die debat oor die “CHO-van”. Hierdie stem kan egter nie volledig weergegee word sonder die toelichting van die afgelope twee dekades se taaldebat nie. Laastens val die kollig oorsigtelik op die rol, bydrae en status van die PUK op internasionale terrein.²



Van die PUK-stemme sedert 1951: v.l.n.r. Dr. Willem de Klerk; Prof. Bennie van der Walt; Mnr F.W. de Klerk; dr Johan Heyens; J.D. van der Vyver; Prof. Elaine Botha (Bron: PUK-Argief)

11.1 Stemme, denkriktigs en prosesse, 1951-2003 - 'n oorsig

Die 20ste-eeuse tendense van globalisering en die gevaarlike nasionale-ekonomiese faktore het noodwendig veroorsaak dat die PUK hom op die voorraad van die 21ste eeu moes rig op 'n groter onderriggebied. 'n Nuwe benadering tot afstandsonderrig sedert die middel van die negentigerjare het die PUK se verbintenis selfs oor nasionale grense heen stewig gevlestig.³ In hierdie verband kan gedink aan die akkreditering van kolleges in die Verenigde Koninkryk en selfs PUK-gradeplegtighede in Londen! Afgesien van die veranderende fokus en die globalisering van tersiêre opleiding het die Christelike



benadering⁴ binne die onderwys ook 'n rol gespeel. Prinsipiële begronding is iets waaraan die PUK binne die breër Suid-Afrikaanse samelewing geken is. Die Universiteit is egter vir jare lank as gevolg van hierdie beklemtoning geëtiketteer as fundamentalisties en soms biblisisties. Tog is die uitgangspunte en benadering van die PUK binne die politieke aktiwiteite vir dekades as betekenisvol geag.

Die gedagterigting wat die PUK uitgedra het, is as betekenisvol gesien omdat baie van sy leiers hulle onteenseglik vereenselwig het met blanke Afrikaanstalige belangte. 'n Verdere bepalende faktor was dat baie van die PUK se leiers hulle bevind het binne 'n magstruktuur wat

dit vir hulle maklik gemaak het om sulke belangte met oorgegewenheid te bevorder. So was die eerste Rektor ná die selfstandigwording van die PU vir CHO, prof. J.C. van Rooy, 'n man wat geen bekendstelling nodig gehad het in Afrikaanse kultuurkringe en die politiek nie. Trouens, hy was so aktief in bestuursposisies van die bestaande kultuurorganisasies van die tyd dat sy profiel sekerlik tog 'n belangrike motivering was om hom as rektor te benoem.



Prof. J.C. van Rooy tydens 'n toespraak op Monumentkoppie, 1939 (Bron: Me. M. Coetzee {dogter van J.C. van Rooy})

Diegene wat lede kon word van die Afrikanerbroederbond was waarskynlik net so bewus van die politieke ideaal van prof. Van Rooy wat hy in 1934, tydens sy voorsitterskap van die Afrikanerbroederbond, laat blyk het (soos in Engels vertaal deur die skrywers van die bron)⁵: "The primary consideration is whether Afrikanerdom will reach its ultimate destiny of domination in South Africa. Brothers, the key to South Africa's problems is not whether one party or another shall obtain the whiphand, but whether the Afrikaner Broederbond shall govern South Africa." Hierdie moontlike politieke ideaal van Van Rooy is in wese spontaan nagevolg te oordeel aan die politieke leiers wat Suid-Afrika na 1948 opgelewer het.⁶

Vroeg in die sestigerjare het prof. W.N. Coetze die volgende oor die sogenaamde "stem van Potchefstroom" in die algemeen opgemerk: "Hoewel Potchefstroom geen uitsaaistasie huisves nie, word daar dikwels in die gewone omgang van die stem van Potchefstroom ge-

praat. Ten beste word daarmee bedoel die besondere sterk leiding, veral prinsipeel, wat vanuit hierdie plek oor velerlei aangeleenthede die Afrikanervolk aangebied word. Maar die stem van Potchefstroom is kollektief en as sodanig moet dit soms gespesifieer word ...”⁷

Hierdie sterk prinsipiële leiding oor “velerlei aangeleenthede” aan die “Afrikanervolk” binne ‘n “kollektiewe” verband waarna prof. Coetzee verwys, is daardie “stem” wat op etlike terreine en podiums ‘n betekenisvolle invloed op die onderwys en die siening van menswaardigheid in Suid-Afrika gehad het. Dit was inderdaad die stem waarmee daar by geleentheid versoek is dat die prinsipiële besinning meer as net die Afrikanervolk moet insluit. Trouens, dit is selfs vereis, maar die uitkoms daarvan het dikwels onbevredigende resultate gehad en letsels op die geskiedenis van ‘n bepaalde tyd gelaat. Die klank van die stem van Potchefstroom is versterk vanuit drie bronne te wete die gereformeerde theologiese begronding, die volkseie en die politiek.

11.1.1 Die PUK gebou op gereformeerde ideale, “volks”-verbondenheid en die politiek

Dit is ‘n gegewe dat die algemene herkoms en oorspronklike visie van ‘n instansie, selfs jare na sy stigting, so ingegraveer kan wees dat die samelewing wat dit veral bedien, nie meer die mees betroubare indrukke daarvan mag hê nie. Dit is veral omdat herinneringe van wat geglo of gesê en gedoen is, bly vassteek en uitgediende persepsies van wat die “stem” van daardie instansie sou wees, voortdurend vasgelê word. So byvoorbeeld het sommige van die PUK-werknemers voor 1951 ‘n vooropgestelde idee oor Christelik-Nasionale Onderwys (CNO) gehad wat reeds kort na die Suid-Afrikaanse Oorlog in 1902 sterk na vore gekom het.⁸

‘n Sensitiwiteit vir die rede waarom die emosies rondom taal, godsdienst en onderwys bestaan het, kan alleenlik



*Studente luister na politieke leiers
(Bron: Die Wapad ca. 1982)*

begryp word as alle historiese gegewens van die tyd in konteks beskou word. Hoe dit ook al sy, die ideaal van CNO is na 1951 vir ‘n tyd lank in die onderwysvisie van die PUK meegedra sodat meningsvormers binne ander geloofsoortuigings persepsies oor CNO nog steeds sonder meer aan die PUK gekoppel het - selfs nog teen 2003. Die negatiewe persepsies wat oor CNO gevorm is, het noodwendig die algemene beeld van die PUK skade berokken.⁹

Word daar teruggekyk na wat prominente PUK-akademici se standpunt oor CNO was, is dit noodwendig dat daar nog steeds begrip is vir hierdie jarelange persepsie van wat die PUK-stem impliseer. H.G. Stoker, as hooggewaardeerde filosoof vir sy publikasies oor die rol van ‘n Christelike universiteit, was minder krities teenoor die inherent onregverdigte apartheidsisteem. In sy geskrifte het hy by voorkeur verwys na “ons Afrikaanse Volksuniversiteit”.¹⁰

‘n Prominente leier-akademikus soos prof. J. Chr. Coetzee het by geleentheid, vroeg in die sestigerjare toe die verbondenheid van die Teologiese Skool met die idee van CNO ter sprake gekom het, dit soos volg gestel: “Die Teologiese Skool van ons kerk is die brandpunt van alle Christelike Onderwys in ons land ... ‘n Teologiese Skool van die Afrikaanse Gereformeerde Kerk kan nooit na iets anders strewe as na ‘n suiwer Afrikaanse (nasionale) gereformeerde onderwys nie ... Die hele geskiedenis van die Afrikaanse skoolstryd getuig dan ook van die innige verband.”¹¹ Anders as die meerderheid tersiëre instansies regoor die wêreld en baie bepaald in Suid-Afrika, wou die Universiteit wat eventueel in Potchefstroom beslag gekry het, nie net ‘n inrigting wees wat die Afrikaanssprekende deel van die bevolking onderrig en oplei vir die lewe nie. Dit wou ook ‘n universiteit wees met ‘n bepaalde karakter - ‘n

instelling met waardes wat gewortel is in die besef dat die religieuse dimensie van die menslike bestaan grondliggend is. Vanuit hierdie besef is ook die Calvinistiese perspektief op alle aspekte van die mens se bestaan beklemtoon. Dit aan die een kant. Aan die ander kant was die agtergrond, herkoms en lewensuitkyk van baie van die PUK se dosente en studente ingebied in ‘n denkpatroon wat verantwoordelike besinning oor elke lewensterrein vereis het. Daarom was die stem van Potchefstroom wat vanuit die wandelgange, lesinglokale, laboratoriums, seminaarkamers en raadsale van die Universiteit opgeklink het, ‘n stem wat ‘n verskeidenheid in toonaard verteenwoordig het. Die appèl wat die boodskap van hierdie stem gemaak het, het vereis dat die uitleef en toepassing van ‘n Christelik verankerde lewensiening waargeneem moet kan word in die Universiteit se aanbieding van leerstof, die aard van sy navorsing en sy invloed op die samel

Die heersende politieke denke het egter dikwels hierdie perspektief op die akademie en die taak van die Universiteit bevraagteken. In ‘n sekere sin was dit ook nodig,

aangesien - aldus prof. H.G. Stoker - elke tydsgewrig 'n universiteit het wat by hom pas en soos wat tye verander, verander die taak van 'n universiteit ook. Krisisse wat in 'n sekere tydsgewrig ontwikkel, stel ook aan universiteite die vraag of hulle aan die eise van hulle tyd beantwoord¹² - ook ten opsigte van hulle wyse van onderrig. Universiteitsdosente se politieke lojaliteit en lidmaatskap van kulturele "volksverbonde" assosiasies het dikwels, terugskouend betrag, te veel gewig gedra en die onderrigdoelwitte wat vereenselwig word met 'n universiteit oorskadu.

So byvoorbeeld, in die gees van moontlike republiekwording in Suid-Afrika teen die middel van 1960, skryf prof. S. du Toit: "Dit is nie nodig om ons Universiteit op te roep om sy deel aan hierdie saak te doen nie ... Van die begin van ons Universiteit is die Republikeinse gedagte daarmee as 't ware saamgeweef. Die Teologiese Skool waaruit die P.U. vir C.H.O gebore is, was altyd eng verbonde met die volkstryd." As voorbeeld is genoem die Eerste Afrikaanse Beweging waarin die Teologiese Skool en prof. Jan Lion Cachet 'n prominente rol gespeel het. Ook in die eerste jare na die nasionale stryd in 1914 het dosente van Potchefstroom 'n leidende aandeel in hierdie stryd gehad. In studenteverenigings (soos Korps Veritas Vincet; die A.N.S. en die A.S.B) is die Republikeinse vlam "brandend gehou" - aldus prof. S. du Toit. Voorts het hy genoem dat die Universiteit ook die beginsels van 'n republiek krities en indragend ondersoek, maar "deurgaans die begeerte [het] om soveel moontlik te behou van die konstitusies van die Boere-republieke ... Daarby is dit, gesien in die verband van die ontwakende nasionalisme in Afrika, vir ons van die uiterste belang dat ons Republiek so gou moontlik kom, anders bly ons agter". Enige spanning wat tussen rassegroepes van daardie tyd bestaan het, is voor die deur van die verpligte gebondenheid aan die Britse Kroon gelê.

Prof. Du Toit het sy betoog afgesluit deur die volgende op te merk: "Die Christelik-Nasionale gedagte, wat nog altyd die poolster van ons Universiteit was, is die lig wat ook die pad van ons volk sal aanwys. Daaraan moet ons onwrikbaar vashou. Daarsonder is daar vir ons geen dageraad nie".¹³ Die meerderheid PUK-studente, blyk dit, het hierdie sentimente op grond van hulle opvoeding en dié van hulle leermeesters, met entoesiasme ondersteun.

Hierdie ondersteuning was onder meer waarneembaar toe 400 studente (verteenwoordigend van effens minder as 25% van die PUK-studentekorps in daardie stadium) op 20 Maart 1961 "bankvas op Jan Smuts"-lughawe (tans die Johannesburgse Internasionale lughawe) gestaan het om die Eerste Minister, H.F. Verwoerd, te verwelkom na sy terugkeer van die Premierskonferensie (waarna S.A. se uititrede uit die Statebond spoedig gevolg het met die oog op republiekwording). In Die Veteraan is ook berig dat "Republiekwording op 'n luisterryke wyse met spontane studentesang" gevier is, en "'n optog

deur die strate" gehou is by wyse van "indrukwekkende middernagtelike vreugdevure en serenades".¹⁴

In sommige kringe is na 'n Suid-Afrikaanse universiteit, soos die een in Potchefstroom, verwys as 'n "volksuniversiteit'.¹⁵ Die Universiteit se nuut verkose Kanselier, senator dr. Jan de Klerk, het in 1962 hierdie tipe "reklame" vir 'n republiek ook uitgedra deur by sy inhuldigingsplegtigheid te verwys na die doelbewuste voorbereiding van die blanke jeug "vir die voortbestaan van die blanke in die Republiek van Suid-Afrika en van die Republiek self". Ook het hy gesê dat "hierdie volk van ons geroep is om lig in 'n donker Afrika te wees"¹⁶ - woorde wat uiteraard vir die tyd en vir die blanke van die tyd aanvaarbaar was. Ook was uitsprake soos hierdie 'n gerusstelling en as heel gepas beskou.¹⁷

Twee jaar later het die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (ACB), wat in die vroeë vyftigjarige gestig is met prof. Bingle as Voorsitter daarvan, die terrein van die Suid-Afrikaanse maatskappy betree. Daar is gepoog om die Calvinistiese stempel op die gemeenskap af te druk en in hierdie proses is kragte met die PU vir CHO saamgesnoer. Só ook is die Calvinistiese Stigting (enkele jare later bekend as die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme of IBC) in die lewe geroep.¹⁸ Prof. Bingle was ook instrumenteel in die inisiëring van hierdie beweging. Die Calvinistiese Stigting het kort hierna uitgeloop op die hou van 'n wêreldkongres - 'n gebeurtenis wat op sy beurt aanleiding gegee het tot die stigting van die International Association for the Promotion of Christian Higher Education, oftewel die IAPCHE.¹⁹

Deurveral die mondstuk Woord en Daad, wat deur PU vir CHO-akademici geïnisieer is en as selfstandige mondstuk van die ACB (later deel van REBSA) gefunksioneer het, moes die ACB die Calvinistiese denke van die PUK uitdra.²⁰ Vir vroue was daar die Calvinistiese Vrouebeweging wat ook by geleentheid saamtrekke in Potchefstroom georganiseer het waaraan vroue van die Universiteitsraadslede en van regeringsleiers meegedoено.²¹ Volksdiens was gedurende die sestigerjare die "gonswoord" onder die meerderheid blanke Afrikaanssprekendes.²² Daarom dan ook nie vreemd nie dat die sluipmoord op die Eerste Minister, H.F. Verwoerd, in September 1966 ook die PU vir CHO emosioneel geraak het.²³ Dit was 'n gebeurtenis wat 'n impak gehad het op die hoogste gesagstrukture van die Universiteit, binne studentekringe en ook tot op bedryfsvlak. Die Rektor, prof. Bingle, het selfs 'n huldigingswoord oor Verwoerd oor die senders van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie gelewer. Daarmee het hy waarskynlik die meerderheid dosente en studente van die Universiteit wat hy verteenwoordig het, se sentiment verteenwoordig:

"Dr. Hendrik French Verwoerd ... Met hom het ons land een van sy grootste geeste verloor en die wêreld 'n man wat reg en geregtigheid geken en beoefen het. As Eerste Minister het dr. Verwoerd sy ferm hand



Links: H.J.J. Bingle gedurende die beginjare van sy professionele loopbaan, regs: D.W. Kruger

op elke faset van die volkshuishouding gehad, ook op die onderwys ... Al sy redeneringe, al sy aanvoelinge het hy met mag voortgebring omdat hy geglo het dat sy saak en die saak van die volk reg was ...”²⁴

Net so was prof. Bingle dankbaar oor die besondere groei in die studentegetalle van die PUK gedurende hierdie periode - vooruitgang wat daartoe gelei het dat die PUK “verdere guns” in die oë van “die volk” verwerf het.²⁵

Tog, gedurende dié eerste jare van die Bingle-rektorstermyn, het hy by geleenheid ook sy kommer uitgespreek oor die versteurde balans in die praktyk tussen die “Christelike” en die “Nasionaal” as konsepte wat deel gevorm het van veral die blanke Afrikaner se denke. In die heel eerste studiestuk van die IBC het prof. Bingle glo hieroor gekla: “Ons is besig om nasionaal-Christelik te word; eintlik word ons net nasional, maar omdat ons verlede ons nie wil loslaat nie, gryp ons as ‘n agterna-gedagte die Christelike aan wat eens die wesenlike van ons bestaan was.” Uiteraard het veral akademici op ‘n individuele grondslag hieroor gedebatteer om te probeer om ‘n meer korrekte balans tussen die Christelik-Skriftuurlike en die volkskulturele elemente van die PU vir CHO-karakter te bewerkstellig.²⁶ Die 1959-“rebellie” van ‘n aantal dosente was só ‘n voorbeeld.²⁷ Daarteenoor was prof. Bingle oortuig dat sy besluite oor prominente aangeleenthede wat die PUK raak, nie dié soort kultuurgebonden elemente bevat het waarna hy tog by geleenheid verwys het nie.

‘n Veel jonger prof. Bingle het reeds in 1952, en die historikus prof. D.W. (Daantjie) Kruger in 1953, profetiese gedagtes geopper oor die veronderstelde onderwysingesteldheid en politieke gesindheid teenoor die swart mense van Suid-Afrika: H.J. (Hennie) Bingle:

“In hierdie konstellasie behoort die P.U. vir C.H.O. ongetwyfeld ‘n unieke posisie te beklee kragtens sy besondere standpunt en roeping. En om hierdie rede dra hy ook ‘n groter verantwoordelikheid as enige ander universiteit in ons land. M.a.w. die ondergetekende is daarvan oortuig dat indien daar ‘n Afrikaanse universiteit is waarvan die



Links: Wikus du Plessis en regs: Henrie Coetzee gedurende die vyftigerjare (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

roeping is om die terrein van die naturelle hoër onderwys te betree, dan is dit die P.U. kragtens sy behoudende karakter ... maar dan wil ek dit ook omonwonde stel dat dit nie ‘n kersteningroeping teenoor die naturel het nie, maar ‘n roeping om met die Christelike Wetenskap [Bingle se beklemtoning] na die naturel te gaan ...”²⁸

‘n Moontlike kollege vir swart studente in Potchefstroom of elders - bestuur deur die PUK - is deur hom voorgestel. Kennelik het van hierdie oogmerk gedurende die vyftigerjare weinig tereg gekom.

Op sy beurt het D.W. Kruger dit gestel dat “... die grootste probleem vir die blankes van Suid-Afrika sal binne etlike jare wees hoe om hulle aan te pas in ‘n gemeenskap waarin blank en nie-blank gelyke politieke regte geniet, want dit word by die dag duideliker dat so ‘n tyd aanstaande is. Dit is ‘n bittere gedagte vir elke blanke dat sy politieke alleen-seggenskap slegs tydelik is. Op die oomblik besef die meeste blankes nie die tydelike aard van hulle voogdyskap nie, maar tog is dit ‘n historiese noodwendigheid ...”²⁹

Bogenoemde woorde verteenwoordig inderdaad stemme in die tyd, maar nie van die tyd nie (soos vroeër reeds beklemtoon is). Saam met ander ewe prominente en knap kollegas soos proff. Wikus du Plessis en Henrie Coetzee het prof. Daantjie Kruger in 1959 die apartheidbeleid en die toepassing daarvan vanuit ‘n wetenskaplike konteks beredeneer en bevraagteken.³⁰ Die PUK het mettertyd al drie van hulle by geleenheid met eredoktorsgrade vereer. Oor een van hulle is byvoorbeeld etlike jare later die volgende geskryf: “Oor die jare het party mense gevoel die Potchefstroomers [sic] is dwarstrekkerig: maar dikwels het die Potchefstroomers [sic] uitgestaan as manne wat oopreg vooruit dink, wat ‘n bietjie dieper besin; veral in die laaste paar jaar het hulle ‘n noodsaaklike gewetenstem uit die Nasionale Afrikanerdom laat hoor. As ‘n mens praat van die Potchefstroomse bydrae van eerlik vooruitdink, dan moet jy veral hulde bring aan wyle prof. Wikus

du Plessis, so uit die ruggraat van Potchefstroom ... As vurige voorstander van onafhanklikheid vir die Bantoe-tuislande het Wikus du Plessis nogtans sterk gestaan op noue skakeling en samewerking met die Bantoe ... reeds in die vyftigerjare het Wikus du Plessis in 'n kerklike kommissie gepleit dat geleenthede en fasilitate gekry word waar blank en nie-blank mekaar kan raadpleeg en saam verkeer. Teen die strenger vorms van apartheid het hy selfs gebrom: 'Daar is nie eens meer plek waar mens met 'n Bantoe 'n koppie koffie kan drink nie' ..."³¹

Inderdaad was dit 'n gewetenstem vanuit Potchefstroom. Sommige van die artikels in die ACB-blad, Woord en Daad, wat wyd gelees is, is ook as die stem van Potchefstroom beskou.³² Prof. Hennie Coetzee, byvoorbeeld was die Hoofredakteur van Woord en Daad in die sewentigerjare. Sy bevraagtekening van die regering se bona-fides ten opsigte van die toepassing van wette soos die Verbod op Gemengde Huwelike en die Ontugwet is bekend.³³ Daarby het die oud-Pukstudent en -dosent, dr. W.J. (Willem) de Klerk, se menings ook gereeld die nuusblaas gehaal. Vanuit sy politieke standpunte is die gebruik van die konsepte "verkrampt" en "verlig" in die geskiedenis van Suid-Afrika verewig.³⁴

Op sy beurt het prof. Gert Scholtz, 'n dosent in Liggaamlike Opvoedkunde, die geleidelike integrering van swart sportbeoefening by bestaande stelsels bepleit.³⁵ Gedurende hierdie jare was prof. P.W. Buys, kenner in Apologetiek en Etiel by die Teologiese Skool, ewe bekend vir sy kommentaar op byvoorbeeld boks as 'n sportsoort, burgerlike ongehoorsaamheid, die genadedood, verpligte militêre diens al dan nie en pornografie.³⁶

Twintig jaar later, na die "rebelle-sage", het prof. Johan van der Vyver - menseregtekener van internasionale aansien - sy pos aan die PUK nooddgewongen ontruim toe die Universiteitsraad "nie meer sy vreeslose en sterk uitsprake teen menseregteskendings ... kon verduur nie". In 2003 is hierdie akademikus deur die PU vir CHO met 'n eredoktorsgraad vereer.³⁷

Vir soverre dit die sentimente van studente in die vyftiger- en sestigerjare betref, is dit nie so duidelik hoe hulle hulself altyd oor die politiek en die "volkgedagte" uitgedruk het nie. In byvoorbeeld die SR-voorsitterstermy van Tjaart van der Walt het hy die apatiese houding van die studente jeens politieke aangeleenthede beskou as dikwels "baie pratende, min doenende".³⁸ Die PUK se Voorsitter van die ASB in 1957, D. Postma, was 'n ander mening toegedaan. In 'n skrywe deur hom in Die Besembos merk hy op dat die "Afrikanerstudent 'n eer en 'n voorreg het om aan die oorblyfsel van God te behoort". Hy blyk ook kennelik tevreden te wees met hoe die Afrikanerstudent meedoen aan debatte en in tersaaklike nuusgebeure belangstel.³⁹

Bykans sestien jaar later sedert die vermelde waarnemings uit studentepen, het 'n "buitengewone" aangeleenthed wel vir groter reaksie gesorg. Teen die tyd dat twee swart studente in 1973 tot nagraadse studie toegelaat is, was prof. Bingle se onderwysbenadering dat gelyke onderwysgeleenthede vir almal moet geld - afgesien van kleur of ras - ⁴⁰ én die "volk"-gedagte reeds goed vasgelê by die studente en die personeel.⁴¹ Vandaar ook die logiese gevolg dat toe daar nog 'n verdere dekade later besluit moes word of voornemende swart voorgraadse studente ook toegelaat moes word, 78% uit 'n meningspeiling van 2 000 studente (uit 'n potensiële 8 000) daarteen gestem het.⁴² Die voorrang wat gegee is aan die belang van die eie groep - 'n aspek wat ingebed was in die "volk"-gedagte - het waarskynlik die uitslag in 'n belangrike mate bepaal. In die beklemtoning van die belang van die eie groep het die Raad sowel as die akademici waarskynlik net so 'n groot aandeel gehad as die ouerhuise waarin die studente reeds van jongs af gevorm is. By implikasie het dit beteken dat die stem van die "tweede rebellie", wat uitgeloop het op die Koinonia-verklaring van 16 November 1977,⁴³ net nie genoegsame ondersteuning van die res op die PUK kon verkry nie. Moontlik was daar wel 'n stille simpatie teenoor die "Calvinistiese anti-apartheidstem",⁴⁴ maar was daar 'n innerlike passiwiteit of intellektuele traagheid om mee te doen aan die bevraagtekening van die gangbare aksente van daardie tyd. Dan was daar ook diegene binne die akademie wat die "uitgesprokene" soms op die vingers getik het.⁴⁵

Die Koinonia-lede (Afrikaanse en Engelse reformatories-gesindes onder wie ook enkele studente) was daarvan oortuig dat 'n ontevrede stem moet opklink teen onder meer ongelykheid, onvoldoende grondtoekenning aan swart gemeenskappe, die magmisbruik van die owerheid en die dood van Steve Biko.⁴⁶ Dit dan was deel van die "stem van Potchefstroom" terwyl die PUK terselfdertyd in 'n te noue assosiasie gestaan het met prominente regeringsleiers van daardie tyd. Die Eerste Minister, adv. John Vorster, het in 1977 tydens die opening van die Totius-gedenktuin nogal heel ironies gevra na die stem van Potchefstroom, juis vanweë die "vals basuin uit die dorp"⁴⁷ wat hy hoor.⁴⁸

11.1.2 Ander stemme

Ook leiersfigure binne die regeringstrukture en sakekringe van die tyd het dikwels op grond van hulle oorhoofse betrokkenheid die PU vir CHO-uitgangspunte en -aksies indirek bevoordeel. So was die beskermhere van die PUK teen byvoorbeeld 1965 onder andere minister J. de Klerk (Minister van Onderwys en Binnelandse Sake), W.B. Coetzer (Voorsitter van Federale Mynbou Beperk), luitenant-generaal R.C. Hiemstra (Suid-Afrikaanse Weermag), senator M.P.A. Malan (Adjunkpresident van die Senaat) asook die besturende direkteure van onder meer NOK, Unie-Staalkorp, Volkskas Bpk., Afrikaanse Pers, Sanlam

en die WNNR.⁴⁹ Ook dr. Thomas F. Muller - broer van dr. Helgaard Muller, die eertydse Minister van Buitelandse Sake wat in 1966 die Besturende Direkteur van General Mining and Finance Corporation geword het - het hom nog in dieselfde jaar verbind as Voorsitter van die Raad van Beskermhere en Raadgewers van die PU vir CHO.⁵⁰

Die besondere band van die PUK met die De Klerk-familie, wat meestal met die Suid-Afrikaanse politieke bedrywigheid geassosieer is, is op sigself ‘n andersoortige stem wat ook aan die PU vir CHO status gegee het.⁵¹

Die De Klerk-familie



Dr. Willem de Klerk en F.W. afgeneem saam met ds. A.A. Venter (eertydse Voorsitter van die Raad) (Bron: “F.W. en Marike de Klerk. Politiek is in hulle bloed”, PUK-Skakel, 85(2), 1985, pp. 4-7)

Die De Klerk-familie het diep spore in die PUK-geschiedenis getrap. So was ds. W.J. de Klerk die eerste Registrateur van die PUK. Daarna het ds. De Klerk se seun, senator Jan de Klerk gevvolg en die amp van Kanselier van die PUK van 1962 tot 1979 beklee.⁵² Senator Jan de Klerk se een seun, dr. Willem (W.J.) de Klerk, was vanaf 1965 tot 1973 ‘n dosent aan die PUK en lid van die Raad van die PUK. Senator De Klerk se ander seun, F.W. de Klerk, Uitvoerende Staatspresident en ‘n politiese hervormer van Suid-Afrika tot 1994,⁵³ was ook vir ‘n kort tydjie lid van die Raad en vir etlike jare die Kanselier van die PU vir CHO. F.W. de Klerk se eerste vrou, Marike, was ook ‘n oud-PUK.⁵⁴ Teen 2004 het mnr. F.W. de Klerk hom steeds beywer om as oudstudent fondse vir die PUK-kampus te werf. Met hierdie pogings, nasionaal en internasional, het hy ‘n uitmuntende bydrae gelewer.⁵⁵ Andersyds het PUK-verbintenis met etlike regering-sleiers ook mettertyd daartoe bygedra dat elkeen op die kampus - sonder aansiens des persoons - geëtiketteer is as deel van die “apartheidsbakermat” van die toenmalige regering. Hierdie etikettering het egter nie rekening gehou met die gegewe dat die De Klerks en baie ander personeel en studente, se oper denke en verligte dade in die verlede dikwels ook vir die goeie verkoopsyfers van mediaberigte gesorg het nie. Hierdie mense se aandeel het op sigself ‘n besondere bydrae tot



Foto van Theuns Eloff as SR-voorsitter (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

die Suid-Afrikaanse samelewing in die geheel gelewer. Dr. Theuns Eloff byvoorbeeld, het as Studenteraadsvoorsitter vanaf 1977 tot 1979 die “stem van die PUK” verder uitgedra met sy mosie oor oop universiteite. Hierdie mosie het landswyd aanhangers verwerf, maar ook teenstanders gemaak.⁵⁶ Internasional en nasional was die PUK gedurende Theuns Eloff se studentejare steeds bekend as “one of the intellectual fortresses of Afrikanerdom”. Nogtans het hierdie mosie - weer eens ‘n individuele poging binne PUK-geledere - nie genoeg gewig gedra om histories swart universiteite te oortuig dat ‘n oproep om samewerking ‘n opregte begeerte en versoek van die ASB-voorsitter, as ‘n verteenwoordiger van ‘n histories Afrikaanse universiteit, was nie.⁵⁷ Eventueel blyk dit dat hierdie studentegenerasie se stem vanuit die histories Afrikaanse universiteite ‘n prominente rol sou speel in die land se demokratiseringsproses.⁵⁸

Dit blyk ook dat sommige PUK-akademici meer vrymoedigheid gehad het om hulle menings aangaande die verlede en politieke hede in koerante en op kongresse hoorbaar te maak. ‘n Lid van die Volksraad, dr. Connie Mulder, het selfs in hierdie stadium skynbaar tydens ‘n Nasionale Party (NP)-kongres sy misnoë met die Potch-dosente te kenne gegee. (Kyk die bespreking van die Koinonia-verklaring⁵⁹ in die volgende afdeling asook die gedeelte oor die stem van die PUK in die politiek.)⁶⁰ Die uitsetting van Mulder uit die NP in die daaropvolgende jaar het op sy beurt sommige van die PUK-studente geïnspireer om hulle misnoë teenoor die NP by ‘n NP-vergadering in Potchefstroom te toon.⁶¹

11.1.3.Die bedoelings van die PUK en kritiek van buite

Benewens die kritiek op die PUK soos kortliks uitgewys is in die vorige afdeling, was Engelstalige koerante ook glad nie oortuig van die afwesigheid van die stem van Potchefstroom soos somtyds beweer is nie - hulle het ook die egtheid van dié "stem" dikwels bevraagteken. Patrick Laurence van The Star het in 1972 byvoorbeeld op 'n siniese wyse berig dat Joh. J. van Tonder ('n dosent in Politieke Wetenskaplike aan die PUK) van oordeel was dat die Potchefstroomse Universiteit eerder 'n inrigting is met 'n tradisie van onafhanklike denke.⁶² Ander het soms heel blatant skietgoed bymekaar gemaak en die PUK-stem as "Potch shots" geëtiketteer.


Die joernalis se latere opmerkings in 1978 was: "... What will long remain the furiously frustrating thing about Potch on the politicians is that all the quasi-political barbs coming from this campus are based on principle - and thus painfully show up the politicians' own ambivalence; lack of principle and expediency. This is Potch's precious asset of independence and as such it could eventually generate more change than any other coterie ..."⁶³

Miskien was hierdie stem besonder helder en 'n nuttige instrument om 'n beoogde verandering van denke op nasionalevlak te bewerkstellig. Hierdie aspek kan ook bemark word in die proses waarmee individue se bydraes erken is gedurende die laaste drie dekades van die twintigste eeu. Eredoktorsgrade is byvoorbeeld toegeken aan individue sonder inagneming van waarop die persoon se persoonlike, kulturele en politieke sentemente gedui het.⁶⁴

Alhoewel die politieke stem van die PU vir CHO gedurende die sewentigerjare steeds die oorheersende geluid was wat van die vernamste podiums opgeklink het, was 'n polities onstuimige omgewing ook gaandeweg besig om die persepsies van etlike intellektuelles - ook diegene buiten die land se grense - te kleur. So byvoorbeeld is die PUK se aanbod van 'n eredoktorsgraadtoekenning aan ds. B. Hahn, Rektor van Dordt College in die Verenigde State, deur hom van die hand gewys "weens politieke oorwegings".⁶⁵ Prof. Tjaart van der Walt se reaksie by geleentheid was: "Laat ons in elk geval nie al te bang wees vir omstredenheid nie - die geskiedenis van ons Universiteit is as 't ware een en al omstredenheid. Net, laat ons sover as wat dit in ons vermoë is, toesien dat ons oor die regte sake omstrede is en op die regte wyse".⁶⁶

Hierdie "regte wyse" het waarskynlik vir prof. Van der Walt onder meer behels dat die intellektuele bydrae en standpunte van die Universiteitskorps - wat dalk omstreden van aard kon wees - aan wetenskaplik-akademiese eise moes voldoen. As 'n dosent se standpunte nie weten-

skaplik-akademies blyk te wees nie, het prof. Van der Walt verder opgemerk, "moet hy maar liewer voltyds 'n politikus word".⁶⁷ Na soveel jare wat die PUK direk en indirek geassosiasieer het met wat op die politieke front gebeur, was hierdie goed bedoelde opmerking moontlik net 'n ideaal. In hierdie oopsig moet in ag geneem word dat 'n hele aantal rektore verbintenis met die Broederbond gehad het en sommige selfs in hulle bestuurstermyne portefeuilles in die Bond beklee het.



Prof. J. van der Elst (Bron: PU-Kaner, 1995(2), 1995, p. 7)

Oënskynlik het prof. Van der Walt wel daad by woord probeer voeg, want hy het as Voorsitter van die ACB uitgetree. Van buiten is die optrede van prof. Van der Walt geoordeel as "die begin van die Dopper-dilemma wat vir 'n lang tyd met hulle effense stroomop-/stroomaf- politieke uitsprake geduld is", omdat hulle kritiek gemotiveer kon word as relevant "vir die Afrikaner van destyds".⁶⁸ 'n Politieke uitspraak van Julie 1988 wat vereenselwig is met die stem van Potchefstroom en nie net die belang van die betoog "vir die [blanke] Afrikaner" beklemtoon het nie, was 'n redaksionele berig⁶⁹ in Woord en Daad waarin 'n pleidooi vir die vrylating van Nelson Mandela gelewer is.⁷⁰ Die Redakteur, prof. Jacques van der Elst,⁷¹ onthou hoe hierdie skriftelike pleidooi deur die Woord en Daad-redaksie wyd en syd aandag getrek het - in die binne- en die buiteland. Die redaksionele artikel het ook daartoe gelei dat mnr. F.W. de Klerk 'n eerste besoek aan die redaksie gebring het om te verneem of hulle enige voorstelle in dié verband wou maak. Gedurende 'n tweede gesprek hieroor in die kantoor van mnr. F.W. de Klerk te

Pretoria was die afloop van die gesprek minder positief. Vir sommige van die lede van die Woord en Daad-redaksie het mnr. De Klerk in daardie stadium minder ontvanklik voorgekom vir die gedagte om Mandela vry te laat as tydens sy eerste ontmoeting met hulle daaroor.⁷²

Tydens die gesprek van die Woord en Daad-redaksie met mnr. De Klerk was die toelating van studente van kleur tot die PUK-koshuise ook onder bespreking. Terselfdertyd het 160 personeellede in 'n beswaarskrif protes aangeteken omdat die Stadsraad nie openbare geriewe vir alle inwoners op die dorp wou oopstel nie.⁷³ Prof. Van der Elst het een van die formele samekomste om gesprekke oor hierdie aangeleenthede te bevorder, met studente gehad. Sy "progressiewe" gesindheid het daar toe gelei dat PUK-studente die volgende graffiti in reuseletters op sy tuinmuur geverf het: "Kafferboetie - Pienk prof".⁷⁴ Vygotsky studente wat in daardie jare op die Politieke Raad van die studente was, van wie die meerderheid prof. Van der Elst klaarblyklik in sy benadering gesteun het, was pienk vir die sogenaamde "regse" studente die kleur simbolies van 'n liberaal-denktende.⁷⁵ Die regse mondstuks, Afrikaner,



Die graffiti op die tuinmuur van prof. J. van der Elst deur kwaadwillige studente
(Bron: Potchefstroom Herald, 23 Mrt. 1990, pp. 1, 3)

het waarskynlik 'n groot bydrae tot hierdie beeld gelewer toe in 1989 na prof. Tjaart van der Walt se nuwe voorsittersposisie by Sanlam verwys is as "Sanlam word pienk".⁷⁶ Hoe vreemd hierdie assosiasie ook al, blyk pienk in die gebruik van Engels as groepstaal eerder bekend te wees as die kleur wat verwys na 'n persoon wat simpatiseer met, of beïnvloed is deur die kommunistiese ideologie.⁷⁷ Ironies genoeg het mnr. De Klerk op 2 Februarie 1990, enkele maande later, tydens die parlementêre opening wel die ontbanning van die African National Congress (ANC) aangekondig, sowel as die vrylating van politieke gevangenes, waaronder mnr. Nelson Mandela.⁷⁸ Die stem van Potchefstroom is inderdaad nie geïgnoreer nie. Tog, teen die tyd dat prof. Tjaart van der Walt in 1988

die rektorsamp neergelê het, was die persepsies wat die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners van die stem van die PUK en die beeld van die Universiteit gehad het waarskynlik persepsies waarin afsku, verwerping en growwe etikettering meegespeel het. Hierdie voorstellings verteenwoordig 'n beeld waaraan die PUK vir jare bewustelik en onbewustelik meege doen het. In tye waarin 'n luidkeelse reaksie teen onder meer onreg vereis is, het die Universiteit te lank en te dikwels oorgekom as slegs 'n éénstemmige, Christelik-gerigte tersiêre wetenskaplike instansie. Gevolglik het hierdie spesifieke Christelike gerigtheid van die Universiteit, ironies genoeg, die PUK mettertyd skade berokken vanweë die persepsies van die buitewêreld. Prof. Bennie van der Walt wat van tyd tot tyd namens die IRS sy "moeider" [die PUK] ernstig vermaan het,⁷⁹ het dit so gestel:⁸⁰

"Die feit dat die Reformatoriële tradisie in Suid-Afrika op die Christelik-nasionale dwaalspoor beland het, en dat die PUK Christelik-nasionale onderwys met die inherente dialektiek daaraan verbonde voorgestaan het, het die Afrikaner oor die algemeen, en die PUK as instelling geleidelik geestelik verswak om prinsipiell weerstand te kon bied teen 'n politieke stelsel wat een volk en kultuur ... vooropgestel het. Dit het ook betekenis dat die Universiteit nie sy vryheid en outonomie teenoor 'n totalitaire staat kon handhaaf nie ..."

Ander tersiêre instellings het ook 'n gebrek aan outonomie ervaar vanweë die burokratiese en totalitaire wyse waarop die Departement van Nasionale Opvoeding gedurende die apartheidjare en selfs daarna nog, met die interne sake van universiteite ingemeng het.⁸¹ Daarbenewens het prof. Tjaart van der Walt se welbekende refrein "onvoorwaardelik Christen" (standpunte moet die toets van Bybel kan deurstaan) en "onbeskaamd Afrikaans" ('n nie-selfsugtige, eksklusieve soort Afrikanerskap) die koers van die Universiteit help verander,⁸² maar kon hy nie oornag en gedurende sy termyn met ingeburgerde persepsies van buite wegdoen nie.

Binne akademiese kringe en sentrums van uitnemendheid is hard gewerk om die PUK se kundigheid te bemark om so onder meer eerder op die PUK se beeld te fokus as dié van 'n universiteit wat, akademies gesproke, unieke eien skappe het en 'n inrigting is wat op die voorpunt van vernuwing in streeksontwikkeling en in samewerking met die res van Afrika beweeg.⁸³ In die rektorsposbeskrywing van prof. Reinecke is in 1990 selfs bepaal dat hy "die karikatuurbeeld van die Universiteit", waar nodig, moes "afbreek".⁸⁴

Ondanks hierdie opdrag aan die Rektor was studente nogtans bekommern oor hulle toekoms binne 'n nuwe demokratiese bestel,⁸⁵ ten spyte van die reeds vermelde pogings om 'n meer positiewe beeld van die PUK en die PUK-student uit te sein. Dit geld ook vir die rol en standpunte van akademici. Die meerderheid akademici was egter minder uitgesproke daaroor, terwyl ander soos byvoorbeeld prof. Pontifax Venter ook na 'n verklaring vir die gevestigde beeld binne die PUK-bestuurstruktuur gesoek het. Sy opmerking oor die PUK-stem het hy so geformuleer: "... Het julle agtergekom dat die stem van Potchefstroom doodgegaan het! Dit het doodgegaan saam met die koms van die gedagte dat die Universiteit net op 'n basis van spesialisgroepe op internasionalevlak sy taak kan volbring. Ons is alhoemer [sic] in daai blikkie gedruk - en gewoon finansieel verarm as jy nie meedoene nie. En gemarginaliseer, en weggehou uit elke komitee wat 'n invloed kon hê. En toe hoor ons niks meer van Potchefstroom na 1994 - en selfs al na 1986 nie!"⁸⁶

Teen 2002 is sommige van die genoemde opmerkings en die problematiek ten opsigte van die PUK-stem vanuit 'n ander invalshoek belig in een van die samenvattende verslae, wat gebaseer was op die Eloff-vraelys wat in 2002 aan werknemers gerig is. 'n Belangrike hindernis is prontuit uitgewys as die volgende: "Negatiewe persepsies oor die PUK bestaan na binne en na buite, bv. sommige sien die PUK as 'n agtergeblewe, apartheid-, godsdiens-eksklusieve, plattelandse universiteit, en net 'n plek vir verkrampte boere. PUK is nie sigbaar in die buitewêreld nie. Die PUK en sy deskundigheid word nie voldoende bemark nie ..."⁸⁷

Sommige mense het ook steeds gevra wat van die PUK-stem geword het.⁸⁸ Hierdie stem was teen 2003 inderdaad 'n ander stem - 'n stem met 'n groter klem op die akademiese werklikheid en die verantwoordelikheid om as universiteit van uitnemendheid sodanig te presteer dat oorlewing op streeksvlak én op nasionale en internasionale terrein moontlik is.

Vir 'n meer omvattende bespreking oor die PUK-'"stem" sedert die Universiteit se selfstandigwording fokus die volgende afdelings meer in besonderhede op enkele fasette van die PUK-'"teenwoordigheid" in die verlede binne die Suid-Afrikaanse politiek en die groter gemeenskap, plaaslik, nasional en internasional.

11.2 Die stem van die PU vir CHO in die Suid-Afrikaanse politiek

Op etlike terreine binne die politieke en kultureel-politiese arena was die stem van die PUK hoorbaar.

11.2.1.Die nadraai van die stryd tussen die Ossewa-Brandwag en die Nasionale party


Potchefstroomse akademici soos proff. J.C van Rooy en L.J. du Plessis het 'n belangrike rol gespeel in die Suid-Afrikaanse politieke lewe vanaf die twintigerjare en ook in die jare rondom die Tweede Wêreldoorlog. Die veertigerjare was 'n tyd van ernstige politieke verdeeldheid onder die personeellede van die PU vir CHO.⁹⁰ Hierdie verdeeldheid het nie heeltemal verdwyn voor die einde van die vyftigerjare nie. Terwyl sommige personeellede sterk ondersteuners van die Nasionale Party was, het ander voortgegaan om die Ossewa-Brandwag (OB) te steun.⁹¹

Prof. D.J. van Rooy, dosent in Wiskunde aan die PUK, was as Voorsitter van die Grootraad van die OB, die leier van hierdie beweging vanaf 1947 tot met die ontbinding daarvan in 1954. Hoewel prof. Van Rooy nasional-sosialisme afgewys het,⁹² het hy soos die hele OB ook die stelsel van politieke partye afgekeur.⁹³ Teen hierdie tyd was die OB egter nie meer 'n sterk beweging nie en die gesagstaatgedagte het met die ontbinding van hierdie beweging van die toneel verdwyn. Die Nasionale Party, wat met die verkiezing van 1948 aan bewind gekom het, het dus in die vyftigerjare nog nie algemene steun van die PUK-personeel geniet nie, maar teen die begin van die sestigerjare was die Nasionale Party gevestig as die politieke beliggaming van Afrikanernasionalisme. Akademici aan die PUK wat hulle oor die heersende politiek van daardie tyd uitgelaat het, het toe feitlik deurgaans die breëre Nasionale Party-beleid gesteun. Dit blyk veral uit die tydskrifte Koers en Woord en Daad, wat nie-amptelike sprekkhuise van die Universiteit was, en waarvan die kernredaksies hoofsaaklik personeellede aan die PUK was.⁹⁴


11.2.2 Woord en Daad in die vyftiger- en sestigerjare

Terwyl daar in Koers net tot in 1961 artikels oor heersende politieke sake van daardie tyd verskyn het,⁹⁵ het die maandblad, Woord en Daad, wat in 1954 begin is as mondstuk van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging, bekend geword as verwys is na die "stem van Potchefstroom".⁹⁶ Hierdie tydskrif het hom ten doel gestel om politieke en maatskaplike vraagstukke vanuit 'n Christelike perspektief te bespreek.

In die vyftiger- en sestigerjare het die redaksie van Woord en Daad die standpunt bly huldig dat die apartheidbeleid op Christelike beginsels gebaseer is.



A.J. van Rooy



'n Uitgawe van Woord en Daad Aug 1987, Voorblad

Hierdie dekades is ook gekenmerk deur die voortgaande deurvoering van apartheidmaatreëls wat sake soos die wegneem van kleurlingstemreg, rasseklassifikasie, gedwonge verskuiwings, werkreservering en die verskerping van die paswette ingesluit het. Teen 2003 is na hierdie aspekte as die eintlike negatiewe aspekte van die apartheidbestel verwys. In Woord en Daad is feitlik geen kritiek op hierdie maatreëls uitgespreek nie. Veral is geskryf oor die ontwikkeling van die eertydse swart tuislande, wat vir die redaksie die kern van die apartheidbeleid was; by die regering is daarop aangedring om die ontwikkeling van die tuislande te versnel. Blanke Afrikaners is gewaarsku dat hierdie beleid sal misluk as hulle nie

bereid is om groot materiële oopofferings te maak nie. Die blad het 'n klein lezerskring gehad, wat hoofsaaklik uit lede van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (ACB)⁹⁷ en lidmate van kerke binne die gereformeerde tradisie bestaan het. Enkele ministers en parlementslede het noue kontak met die ACB en gereformeerde kerke gehad. Die blad is tog soms in die dagbladpers aangehaal en aangesien dit hier gegaan het om kritiek deur mede-Afrikaners, het regeringsleiers waarskynlik ten minste van Woord en Daad se standpunte kennis geneem.⁹⁸

PUK-akademici het met hul bydraes in Woord en Daad meegehelp om die apartheidbeleid onder Afrikaners as 'n regverdige beleid voor te hou. Daar is vas geglo dat dit uiteindelik moet lei tot die verdwyning van diskriminerende maatreëls en dat diskriminerende wette as tydelike maatreëls aanvaarbaar was.⁹⁹ Woord en Daad se belangrikste bydrae tot die politiek in die vyftiger- en sestigerjare was waarskynlik die poging om 'n principiële perspektief op die apartheidbeleid te bied en vanuit hierdie perspektief bepaalde probleme oor die uitvoering daarvan uit te wys eerder as om tereg te wys.

1.2.3. Die "Potchefstroomse rebellie" van 1959 en die optrede van L.J. du Plessis

Naas die politieke perspektief soos dit in Woord en Daad geformuleer is, is meer fundamentele kritiek op die apartheidbeleid gelewer deur drie Universiteitsdosente, naamlik proff. J.H. Coetzee (sosioloog en volkekundige), L.J. du Plessis (staats- en regsgleerde) en D.W. Kruger (historikus). Hulle uitsprake wat in 1959 in die Engelstalige Sondagkoerant, die Sunday Times, verskyn het, het heelwat opslae gemaak en daar is selfs later hierna verwys



Spotprentcollage van die Sunday Times se uitbeelding van die 1959- "rebellie"
(Bron: PUK-Argief {D.W. Kruger-versameling})

as 'n "professorale rebellie". Hoewel hulle kritiek nie so ver gegaan het dat die apartheid beleid geheel en al verworp is nie, het hulle onder meer daarop gewys dat swart nasionalisme nie verontsaam kan word nie en het hulle skakeling met die African National Congress (ANC) bepleit. Hierdie dosente se uitsprake is skerp veroordeel in Nasionale Party-gesinde koerante. Ook aan die PUK het verskeie personeellede hulle van dié uitlatings gedistansieer.¹⁰⁰


Op hul beurt het PUK-studente twee massavergaderings gehou waarin hulle hulle steun vir die beleid van die Nasionale Party uitgespreek het. Veral die feit dat die uitsprake van die drie dosente gepubliseer is in 'n "vyandige" Engelstalige koerant, het geleid tot groot verontwaardiging. Die Universiteitsraad het 'n kommissie aangewys om vas te stel of die Universiteit se beginselgrondslag en goeie naam geskaad is. Onder meer is bevind dat die Sunday Times se aanbieding van die professore se standpunte in sommige opsigte misleidend was. Daarop is die artikels soos dit in 'n persverklaring verskyn het, verwerp. Die Raad het sy vertroue in die drie personeellede herbevestig, maar hul gemaan om voortaan versigtiger te wees.¹⁰¹

Prof. L.J. du Plessis, wat in die dertiger- en veertigerjare 'n leidende rol in die Afrikanerbroederbond en die Nasionale Party gespeel het en ook 'n belangrike bydrae gelewer het in die ontwikkeling van Afrikaanse sakeondernemings soos Volkskas, het voortgegaan om skerp kritiek op die regeringsbeleid te lewer. Onder meer is brieve gerig aan regeringsleiers.¹⁰² In 'n Koers-artikel van 1960 bepleit hy "'n radikale vernuwing van menslike verhoudinge tussen ons onderskeie rasse-elemente ook van ons land". Dit, het hy gesê, moet gebeur "deur ons algemene aanvaarding van mekaar as volle medeburgers van Suid-Afrika op verskeie ontwikkelingstadiums, wat so gou as moontlik in onderlinge samewerking gelyk gemaak moet word".¹⁰³ Prof. Du Plessis (wat in 1961 afgetree het) se lidmaatskap van die Nasionale Party is in hierdie tyd opgehef¹⁰⁴ en politieke leiers het geen ag op sy profetiese uitsprake geslaan nie.¹⁰⁵

11.2.4. Kommentaar op die politiek van die sewentigerjare

Tot laat in die sewentigerjare was Woord en Daad 'n invloedryke tydskrif waarin prinsipiële kommentaar op politieke ontwikkelinge gelewer is. Veral van die hand van prof. J.H. Coetzee, Redakteur van 1970 tot 1981 en 'n akademikus wat in Suid-Afrika groot bekendheid verwerf het, het gereeld bydraes verskyn waarin die regeringsbeleid oor die algemeen gesteun is, maar ook kritiese vrae oor die uitvoering daarvan gestel is.¹⁰⁶ Benewens die aandrang op die vinniger ontwikkeling van die tuislande was 'n besinning oor die politieke regte van kleurlinge 'n belangrike tema in sy artikels van hierdie jare. Hy het onder meer daarop gewys dat die kleurlinge as minderhe-

idsgroep ook deur swart oorheersing bedreig word en dus deur die blankes as bondgenote gesien behoort te word.¹⁰⁷ Gedurende die jare 1971 tot 1974 het die tydskrif Loog verskyn waarin jong dosente en nagraadse studente van die PUK krities na samelewingsprobleme gekyk



*Loog-uitgawes, 1971
(Bron: Ferdinand Postma-biblioteek)*

het.¹⁰⁸ Ook in hierdie blad is die grondslae van die apartheid beleid nie bevraagteken nie, maar is wel sterk klem gelê op kontak met ander bevolkingsgroepes. Onder meer is verklaar dat "saamleef in Suid-Afrika ... 'n gedurige handvat [is] van mekaar - of dit nou Afrikaner, Indiërs of Xhosa, of wat ook al is".¹⁰⁹

Loog het in 1972 die begrip "Christelik-nasionaal", waarmee organisasies soos die Afrikaanse Studentebond en die Nasionale Party hul grondslag omskryf het, bevraagteken en daarmee hewige kritiek van Afrikaanse kultuurleiers en ook van kollegas aan die PUK uitgelok.¹¹⁰

Die Oktober 1976-kongres van die ACB met die tema "Geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing" het ook weer stemme laat opgaan toe Johan van der Vyver die ontleedmes oor apartheidwetgewing skerp ingelê het. Na die Soweto-opstand¹¹¹ en sy invloed op die land was hierdie kongres 'n geleentheid wat benut kon word om kritiese vrae te vra. Onder meer is sterk aangedring op geregtigheid in die toepassing van die beleid van

afsonderlike ontwikkeling en op die uitwissing van alle vorme van diskriminasie. Die kongresbesluite het groot aandag in die pers getrek sodat politieke maghebbers kwalik anders kon as om daarvan kennis neem.¹¹² Die Eerste Minister, adv. B.J. Vorster, was tydens die onthulling van die Totius-standbeeld in 1977 op Potchefstroom en soos vroeër reeds vermeld is, was hy ook die mening toegedaan dat "die Potchefstroomse Calviniste 'n vals basuin" uit die dorp laat opklink.¹¹³ Kort hierna was die basuin luider en het dit dalk steeds irriterend hard geklink in die oor van diegene wat anders wou hoor.



Die Eerste Minister, adv. B.J. Vorster, by die onthulling van die Totius-standbeeld in Potchefstroom
(Bron: Potchefstroom Stadsraad-Argief)

11.2.5.Die Koinonia-verklaring en Universiteitsoptrede teen politieke kritici in sy geledere

DIE KOINONIA-VERKLARING

ONS, DIE ONDERGETEKENDES, CHRISTENE VAN CALVINISTIES REFORMATRIESE GELOOFSOORTUIGING, VERKLAAR SOOS VOLG:

1 Ons as Christenburgers is oortuig dat ons voortdurend liefde moet bewys aan dié mense wat gesag dra. Ons glo verder dat die gebede van regverdiges groot krag het. Daarom moedig ons alle Christene aan om sonder ophou vir alle gesagsdraers te bid sodat:

i hulle die Bybelse waarheid mag najaag en ken;
ii hulle nie deur onbybelse ideologiee verlei mag word nie, en sodat almal 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsrug en waardigheid.

Wanneer daar 'n botsing is tussen die Wet van God en wat die staatsowerheid van ons verwag, is dit ons vaste oortuiging dat ons God altyd méér gehoorsaam móet wees as die mense (met insluiting van gesagsdraers).


OP GROND VAN DIE VOORMELDE OORTUIGINGS EN IN VERBAND MET DIE POLITIEKE SITUASIE IN SUID-AFRIKA:

1.1 dank ons God vir sy genade wat die bestaan van 'n staatsowerheid hier te lande moontlik maak;

Die Koinonia-verklaring (Bron: IRS)

In November 1977 was 'n aantal PUK-personeellede, hoofsaaklik jong akademici, asook enkele senior studente¹¹⁴ betrokke by die opstel van die Koinonia-verklaring.¹¹⁵ Hierdie verklaring het sterk reaksie binne en

buite die Universiteit veroorsaak en is boonop uitgerek op die voorand van 'n algemene verkiesing. Sake soos ongelykhede in die regte van Suid-Afrikaanse onderdane, statutêr-diskriminerende bepalings en aanhouding sonder verhoor is as onaanvaarbare prakteke uitgewys. In daardie stadium byvoorbeeld het 'n lektor in Politieke Wetenskappe, P.J.J.S. Potgieter,¹¹⁶ 'n Engelse koerant klaarblyklik meegedeel dat "we are no longer prepared to place our nationalist feelings and ideals always ahead of our Christian convictions".¹¹⁷ Voorts het 'n Engelse koerant bespiegel dat die Koinonia-verklaring die begin is



Proff. P.J.J.S Potgieter, Hein Viljoen, Ponti Venter in die sewentigerjare (Bron: PUK-Argief)

van 'n kulturele revolusie met internasionale betekenis.¹¹⁸ Soos in 1959 was daar heelwat beroering binne die Universiteit se ondersteunersgroep, dit wil sê van die kant van akademici, oudstudente, donateurs en lidmate van kerke uit die breë gereformeerde tradisie.¹¹⁹ Vroeg in 1978 het die Universiteitsraad die Koinonia-verklaring ten sterkste afgekeur. Hierdie afkeuring het geleid tot kritiek van prominente Nederlandse Calviniste, maar die Raad het versoeke om sy besluite oor die verklaring te heroorweeg, afgewyf.¹²⁰

Die optrede van die Universiteitsowerheid ten opsigte van die Koinonia-verklaring het ook die beperkte wyse waarop PUK-akademici vryheid van spraak kon beoefen, opnuut beklemtoon. In April 1978 het die Raad gestel dat "alle persverklarings van instansies verbonde aan die PU vir CHO in oorleg met die Departement Ontwikkeling gedoen moet word" en dat 'n forum geskep moet word waar "persone en instansies verbonde aan die Universiteit hulle gedagtes kan toets in die lig van die Christelik-Afrikaanse karakter van die Universiteit om hierdeur onnodige publisiteit te probeer voorkom wat die taak van die Universiteit kan bemoeilik". Dié forum het uit die Raadsvoorsitter, die rektor en twee ander lede bestaan.¹²¹

Vanwee die feit dat daar laat in die sewentigerjare en vroeë tagtigerjare enkele kabinetsministers op die Raad gedien het as verteenwoordigers van die Konvokasie (dit wil sê van die oudstudente),¹²² kan aangelei word dat 'n goeie verhouding tussen regeringslui en die PUK oor die algemeen geheers het. Die Universiteit was in hierdie opsig in dieselfde posisie as die meeste Afrikaanse universiteite van daardie jare en heeltemal in die teenoorgestelde kamp as die Engelstalige universiteite, waar daar gedurende hierdie periode 'n vyandige houding teenoor die regering en regeringsbeleid was.¹²³

Personellede wat die regeringsbeleid in die laat-sewentigerjare skerp gekritiseer het, het soos die reeds vermelde regsgelerde, J.D. van der Vyver, hulle ook met die Koinonia-verklaring vereenselwig.¹²⁴ 'n Tweede Koinonia-konferensie is in Oktober 1978 gehou.¹²⁵

11.2.6. Politieke verdeeldheid en die uit-sprake van Woord en Daad in die tagtiger- en negentigerjare

Diegene wat soos die Koinonia-groep kritiek op regeringsbeleid gelewer het, was maar 'n klein groepje van die personeellede en studente. Tot laat in die sewentigerjare was daar oor die algemeen 'n positiewe en/of dan stilstwyende houding teenoor regeringsbeleid onder die personeellede en studente van die PUK. Die tagtigerjare weer, is gekenmerk deur politieke verdeeldheid op die Universiteitskampus wat in vele opsigte herinner het aan die verdeeldheid van die veertigerjare. Hierdie verdeeldheid was nie sosieer tussen diegene wat die apartheidbeleid gesteun het en dié wat daarteen gekant was nie, maar eerder tussen die "verligtes" (wat die regering se pogings om sy beleid in

sekere opsigte te wysig en te hervorm gesteun het) en die "verkramptes" (wat teen hervormings gekant was). Laasgenoemde groep was ondersteuners van die toe pas gesigte Konserwatiewe Party, wat in 1982 as 'n afsplintering van die Nasionale Party tot stand gekom het. Die latere Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk, wat toe 'n minister was en bande met die Universiteit behou het, het enkele maande na die totstandkoming van die Konserwatiewe Party opgemerk dat daar nou baie stemme uit Potchefstroom opklink. Inderdaad was dit in hierdie stadium bloot die geval van 'n "gebrek" aan 'n helder en duidelike stem wat verander het in 'n "kakofonie van stemme".¹²⁶

Die stem van Woord en Daad was in die tagtigerjare, hoewel met ander aksente as in die verlede, steeds helder en duidelik en sterk ondersteunend ten opsigte van die regering se hervormingsmaatreëls. In hierdie dekade het dit vir die redaksie, soos vir die meeste regeringsleiers, duidelik geword dat die aanvanklike apartheidsideale nie sou kon slaag nie. Dus was die bespreking en bevraagtekening van die verdere ontwikkeling van tuislande in Woord en

Die gesprek met die ANC in Dakar, 1987 (Bron: T. Eloff Knipselversameling)

Daad nie meer so op die voorgrond nie, maar is 'n bedeling voorgestaan waarin geen volksgroep oor 'n ander behoort te heers nie. Hoe so 'n bedeling daar moes uitsien, is nie uitgespel nie.¹²⁷ Die blad het hom sterker as ooit in die verlede uitgespreek teen die wegdoen van diskriminerende maatreëls. In 1986 het die blad hom, soos ook voorgestaan deur verskeie Afrikaanse intellektuele van daardie jare, ten gunste van onderhandelinge met die ANC verklaar.¹²⁸ Prof. Lourens du Plessis, wat van 1981-1986 Redakteur van Woord en Daad was, en ds. Theuns Eloff, Voorsitter van die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika (oftewel REBSA soos wat die ACB toe bekendgestaan het), het in 1987 deel uitgemaak van die groep Afrikaanssprekendes wat 'n gesprek gevoer het met ANC-leiers in Dakar, Senegal. Hierdie optrede is in die redaksionele kolomme van Woord en Daad verdedig teen heftige kritiek in Afrikaanse geledere.¹²⁹ 'n Jaar later is gevra dat die ANC-leier, Nelson Mandela, onvoorwaardelik vrygelaat word.¹³⁰

Die Lusaka-besoek van Junie 1989

In Junie 1989 het 'n afvaardiging van die Union of Democratic Staff Associations of South Africa (UDUSA) op uitnodiging van die ANC in ballingskap 'n besoek aan Lusaka afgelê om met die ANC te praat oor die situasie van die universiteitswese in Suid-Afrika op daardie stadium. Die UDUSA-afvaardiging was onder die leiding van dr. Mala Singh, tans Hoof van die Higher Education Quality Committee, maar op daardie stadium filosofie-dosent van die Universiteit van Durban-Westville. Die PUK is verteenwoordig deur prof. Annette Combrink, wat toe die PUK-voorsitter van UDUSA was. Die ANC-afvaardiging het onder andere bestaan uit Oliver Tambo, Thabo Mbeki, Steven Tshwete en Ruth Mompati. Die gesprekke, wat oor 'n week gestrek het, het plaasgevind in die Pamodzi-hotel in Lusaka en het breedweg gehandel oor die verwagtinge en indukse wat die ANC gehad het oor die universiteitswese in Suid-Afrika. Herinneringe, prof. A.L. Combrink, Aug. 2004

As gevolg van finansiële probleme vanaf 1992 het Woord en Daad as 'n kwartaalblad verskyn.¹³¹ Nietemin is voortgegaan met prinsipiële kommentaar op politieke gebeure. Terwyl die nuwe grondwet van 1994 verwelkom is,¹³² het die blad hom in die jare daarna nie meer so ten gunste van die beleidsrigting van 'n bepaalde party uitgespreek as wat vroeër die geval was nie. Dit weerspieël in 'n groot mate die situasie aan die Universiteit, waar daar in die negentigerjare geen akademici was wat groot openbare aandag getrek het met hul politieke uitsprake nie.

Gedurende die tydperk 1997-1999 het daar verskillende artikels in Woord en Daad verskyn oor die Waarheids- en Versoeningskommissie en die vraag of diegene wat die politieke bedeling voor 1994 gesteun of daarby baat gevind het, skuld behoort te bely oor die aandadigheid aan apartheid. In 'n openbare belydenis het vier Potchefstromers (waarvan drie dosente aan die PUK was) bely dat hulle "in gebreke gebly het om genoegsaam en ondubbelbelsinnig in woord en daad te getuig ... teen die gestaltegewing en uitvoering van die ideologie van apartheid".

Hierdie getuienis is onder meer in die blad gepubliseer.¹³³ In die openbare debat wat in die negentigerjare in die media gevoer is oor die plek en toekoms van die Afrikaner en/of Afrikaanssprekende in die nuwe Suid-Afrika het Potchefstroomse akademici nie prominent gefigureer nie. 'n Regsgeleerde verbonde aan die PUK, prof. Francois Venter, het in 2000 Voorsitter van die Afrikanerbond geword. Hoewel hierdie organisasie nie meer so invloedryk is as vroeër, toe dit bekend gestaan het as die Afrikanerbroederbond nie, bly dit een van die vernaamste organisasies wat tans rigting aandui ten opsigte van die pad vorentoe vir die Afrikaanse kultuur binne die nuwe politieke bestel.¹³⁴

Anders as in die jare voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog het personeellede van die PUK in die na-oorlogse jare geen prominente rol in die politieke lewe gespeel nie. Die bydrae van die PUK tot die politieke ontwikkeling van die land was hoofsaaklik beperk tot prinsipeel-kritiese kommentaar in Woord en Daad en ander tydskrifte asook in akademiese besprekings in voordragte en wetenskaplike artikels.¹³⁵ Verskeie oudstudente van die PUK het wel 'n belangrike rol in verskillende politieke partye gespeel. Die bekendste van hierdie oudstudente is ongetwyfeld mnr. F.W. de Klerk, wat van 1989 tot 1994 staatspresident van Suid-Afrika was en in daardie jare die ingrypende politieke veranderinge, wat uitgeeloop het op die nuwe politieke bedeling van 1994, geïnisieer het.¹³⁶ Binne ander fasette van die akademie het kundiges wel 'n stem geword waarmee rekening gehou is op allerlei terreine van die samelewing. Enkele vertakkings hiervan word vervolgens bespreek.


11.3 Die stem van Potchefstroom binne die akademie en die Suid-Afrikaanse gemeenskap

Feitlik alle fakulteite op sigself kan 'n geskiedenis skryf van die manne en vroue in hul geledere wat as akademici hulle sodanig bekwaam het dat hulle nasionaal en internasionaal gerespekteer is en die Universiteit sodoende ook versterk is in sy bemarkingsfokus. Uitsonderings bly moeilik om te maak. In Hoofstukke 4, 5 en 6 is sommige van hierdie besondere persone wel vermeld. 'n Ander stem vanuit die akademie wat baie belangrik is, maar wat dikwels nie duidelik genoeg gehoor word nie, is die bydrae van die PUK tot gemeenskapsdiens. Ook die reeds vermelde toekenning van eredoktorsgrade - wat nie net 'n erkenning is van akademiese prestasies en diens aan die gemeenskap nie - dra 'n eiesoortige stem uit wat dikwels prinsipiële en ideologiese ondertone het.¹³⁷ Die Bond van Oud-Pukke weer was as ondersteunende instelling - finansieel en deur middel van die prestasies van individue in 'n verskeidenheid van professies - ook 'n eiesoortige stem waarmee die PUK sy akademiese bedrywighede kon eggo en trots kon wees op dié naklank.¹³⁸

11.3.1 Bond van Oud-Pukke

Tydens 'n reünie van oudstudente van die P.U.K. vir C.H.O. op 23 Mei 1936 is die behoefte aan 'n jaarblad in belang van oudstudente aangeraak. Reeds teen die einde van daardie jaar het prof. Postma gesorg dat oudstudente 'n eerste jaarblad van die Potchefstroomse Universiteitskollege ontvang. Die titel van die jaarblad, *Die Veteraan*, is klaarblyklik sommer op aanbeveling van prof. Postma so gebruik. Inligting oor akademiese en terreinontwikkeling en brokkies inligting van logistieke en persoonlike aard is in hierdie blad gekommunikeer. Om die kommunikasie verder vaartbelyn te maak, is die Bond van Oud-Pukke in 1943 onder voorsitterskap van prof. D.J. van Rooy gestig.¹³⁹

'n Groter wordende universiteit het die jaarblad *Die Veteraan* geleidelik 'n verandering laat ondergaan. Teen 1959 het die voorkoms en dikte (soms tot 90 pp.) verander, die inhoud het meer selektief geword, maar uitgawes het op 'n kwartaallikse basis verskyn. Minder persoonlike herinneringe van oudstudente is per uitgawe aangeteken, maar die vernaamste doel het gebly om oudstudente sover moontlik meer gereeld in te lig oor wat op die PUK-kampus aangaan. Ook is diegene wat 'n behoefte gehad het om finansiële skenkings te maak, op hierdie manier die geleentheid te gee om dit te doen.¹⁴⁰



F.W. de Klerk as Uitvoerende President van Suid-Afrika
(Bron: PU-Kaner, 3 (89), 1989, p. 5)

Die omskrywing van die kontak met oudstudente het gaandeweg verander: die gebruikelike benaming "reünie" het verskuif na dié van "oudstudente-organisasie" en het uiteindelik saamgetrek in die frase "kontak met alumni".¹⁴¹ Die benaming "oudstudentebond" is in 1961 vir die eerste keer gebruik en voorstelle is in *Die Veteraan* gemaak hoe om die organisasie landwyd aktief te hou.¹⁴² Die tydskrif, *Die Veteraan*, moes gedurende die middel van die sewentigerjare plek maak vir die PU-Kaner. Weldra is nog 'n nuusblad, te wete Bondsnuus en Nuusflitse, in sirkulasie geplaas om meer plek in te ruim vir nuus wat die oudstudente werklik raak, maar ook om as 'n stem die beeld van die PUK te bevorder. 'n Benadering van rasionalisering vir die Universiteit, waaroor daar in vorige hoofstukke heelwat geskryf is, het ook die Bond van Oud-Pukke hulle laat wend na die gebruik van die rekenaar en na elektroniese pos as kommunikasiemedium.¹⁴³

Om verder momentum aan die bedrywigheede van die Bond van Oud-Pukke te verleen, is 'n skakelbeampte in 1990 aangestel om aan die Bond vaste beslag te gee.¹⁴⁴ Hieruit het ontwikkel, naas die bestaande gholfklub vir oudstudente en die rugby-ondersteunersklub, 'n wyngilde, 'n woonwaklub met 'n beoogde hengel- en stapklub sowel as 'n krieket- en atletiekondersteunersklub,¹⁴⁵ wat teen 1992 redelik aktief was.¹⁴⁶

Benewens hierdie klubs, waarvan sommige nasionaal en ander net plaaslik funksioneer, is sommige van die Bondlede ook op komitees benoem waarin gemeenskapsbetrokkenheid en die PUK-transformasieproses in die negentigerjare ter sprake was. Een besondere voorbeeld hiervan is die oudstudenteleningsfonds wat in wese by Johan Saunder (toe Bondvoorsitter) beslag gekry het. So ook was en is die PUK-konvokasie statutêr deel van die Bond van Oud-Pukke. Albei het eers laat gedurende die negentigerjare nader aan mekaar beweeg toe mnr. Bennie



Die 1993-Dagbestuur van die Bond van Oud-Pukke: v.l.n.r. Mnre. Chris Windell (Direkteur: Openbare Betrekkinge), Koos Roos (Voorsitter), Andries van de Venter (Skakelbeampte: Alumni en Sekretaris), prof. Carools Reinecke (Rektor), mnr. Bennie Howard (Ondervoorsitter)
(Bron: PU-Kaner, 93(1), 1993, p. 24)

Howard die Voorsitter tot 2001 was, en daarna as Voor- sitter van die Konvokasie benoem is.¹⁴⁷ Deur sy inisiatief word 'n alumni-oorkonde jaarliks toegeken aan besondere oudstudente van die PUK op grond van hulle bydraes in die beroepswêreld - bydraes wat 'n eiesoortige "geluid" in die breër samelewing laat hoor. Hierdie toekenning is al onder meer gemaak aan Elsabé Steenberg, Johan van Rensburg, Johan van der Vyver en aan F.W. en Marike de Klerk.

Teen 2004 is gedebatteer of die Bond behoort weg te beweeg van die naam "Bond" en of "Alumni" nie eerder die meer aangewese benaming behoort te wees nie. Verdere vooruitsigte was dat toekomstige saamtrekke van studente in die nuwe bestuursbedeling waarskynlik net in fakulteits- en koshuisverband sal geskied.¹⁴⁸

11.3.2 Tydskrifte en joernale

• Studentepublikasies

Benewens Woord en Daad en Die Veteraan, was daar ook publikasies soos Die Besembos. Hierdie blad het as studentepublikasie in 1925 sy ontstaan gehad toe Korps Veritas Vincet 'n publikasie begin het wat hoofsaaklik hulle naam gedra het. Minder as 'n jaar later het dit 'n vaste redaksie gekry en het die naam na Die Besembos verander - 'n titel wat ontleen is aan een van Totius se gedigte van die tyd. As geharde struik met 'n taai wortelstelsel is die besembos se nut as vervanger van besems bekend. Die aard van die blad is geassosieer met hierdie struik; die besembos kan naamlik ondanks ontberings steeds 'n groen top wys.¹⁴⁹ So ook het die blad, ondanks 'n sukkelende bestaan, ontwikkel tot iets meer permanents. Teen die sewentigerjare het die voorkoms en inhoudelike samestelling van Die Besembos verander van 'n minder filosofies toeliggende na 'n meer studentegerigte fotoblad¹⁵⁰ wat inderwaarheid as 'n korporatiewe stem die akademiese, kulturele en sosiale lewe van die PUK moes help verkoop.



Die eerste toekenning van 'n Alumni-oorkonde aan onderskeidelik prof. S.J. Pretorius en Johan van Rensburg
(Bron: PUK-Argief)

• Geakkrediteerde publikasies

Die vaktydskrif, Koers, waarna reeds vroeër verwys is en soos dit teen 2004 nog bekend is, het 'n vroeë ontstaan gehad uit die teologiese tydskrif Die Wagtoring wat in 1928 vir die eerste keer gepubliseer is. In Augustus 1933 is die naam van Die Wagtoring na Koers verander met die fokus om "die beginsels van die Heilige Skrif volgens die interpretasie van die Calvinsme [te] propageer". Die nuwe redaksie se vernaamste oogmerk met die naam was om aan die bepaalde tydsgewrig, wat getypeer is as 'n tyd van "ontsettende verwarring en koersloosheid" koers te help gee, maar steeds met 'n Calvinistiese visie op die werklikheid.¹⁵¹


In 1990 is die vaktydskrif In die Skriflig ook geakkrediteer.¹⁵² Die fokus van In die Skriflig is veral die uitbou en bevordering van die reformatoriese teologie en die breë doelstelling is om die lig van die Skrif op alle fasette van teologiebeoefening te laat val. Hierdie tydskrif het in 2004 reeds sy 38ste jaargang beleef en is die amptelike mondstuks van die Gereformeerde Teologiese Vereniging.

Die vaktydskrif Literator, wat ook in 1990 geakkrediteer is, was in 2004 in sy 25ste bestaansjaar en publiseer veral artikels oor taal- en letterkunde en vergelykende literatuurstudie.

11.3.3 Gemeenskapsdiens: uitreiking deur die PU vir CHO

Gemeenskapsdiens is klaarblyklik eers vanaf 1982 amptelik erken as 'n funksie van die Universiteit.¹⁵³ Gemeenskapsdiens behels onder ander die ontwikkeling van die wetenskap en tegnologie; die toepassing daarvan op groot vraagstukke van die tyd en die opleiding van mense in veral die informele sektor.¹⁵⁴ Gemeenskapsdiens word deur die regering beskou as een van die drie take (naas onderrig en navorsing) waarmee die universiteitskorps gemoeid moet wees. Alhoewel insette ten opsigte van gemeenskapsdiens nie subsidie genereer nie en universiteite nie daardeur finansieel bevoordeel word nie,¹⁵⁵ kan resultate wat op grond van onderrig en navorsing verkry word, 'n eie "dividend" oplewer wanneer kundigheid in die gemeenskap teruggeploeg word. Die Universiteitspersoneel se deelname aan openbare optredes en die bereidheid om hulle kundigheid op rade en komitees aan te wend, vorm deel van die PUK se gemeenskapsdiens. Teen 1989 het die PU vir CHO al besondere bydraes in hierdie verband gelewer.

'n Ander vorm van gemeenskapsdiens is die aanbieding van onderrigprogramme aan nie-gematrikuleerde persone, veral aan tradisionele swart skole om op hierdie wyse ontwikkelingsagterstande uit te wis. 'n Derde vorm van gemeenskapsdiens is indi-



Uitgawes van In die Skriflig, Literator en Koers (Bron: Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte)

viduele konsultasie gerig op die oplossing van probleme, terwyl 'n vierde vorm van gemeenskapsdiens te make het met die beskikbaarstelling van hulpbronne.

Gemeenskapsuitreikprogramme soos die volgende is al deur die Universiteit onderneem:

- Sowat 32 opleidingsprogramme is gedurende 1989 deur die Buro vir Voortgesette Opleiding ontwikkel waarvan sommige jaarlikse instellings geword het. Hieronder tel 'n somerskool, Saterdagsskole,¹⁵⁶ 'n ATKV-skryfkursus, mikrorekenaarkursusse, 'n seminaar oor arbeidsverhoudinge en 'n simposium oor beeldverwerking. Voorts is 'n rekenaargesteunde regsoopleidingsprogram ontplooい sowel as 'n aantal nie-formele opleidingsprogramme deur die Nagraadse Skool vir Bestuurswese.¹⁵⁷

Informele en formele opleidingsgeleenthede is aan swart onderwysers en leerlinge beskikbaar gestel. 'n Verkeersveiligheidsoopvoedingskursus was een van die eerste kursusse wat in samewerking met die Nasionale Verkeersveiligheidsraad en die Nasionale Departement van Onderwys aangebied is.¹⁵⁸

- Van tyd tot tyd het die Universiteit ook fondse vir buite-instansies wat met onderrig gemoeid is, beskikbaar gestel. Die PUK het byvoorbeeld op 23 Junie 1989 aan die skool in Promosa, 'n kleurlingwoonbuurt te Potchefstroom, 'n bedrag van R5 000 geskenk vir die skool se projekte.¹⁵⁹
- Met die instelling van die pos Bestuurder: Tegnologie en Ontwikkeling het die Raad beoog om op 'n verbeeldingryke wyse die gemeenskapsdiens van die PUK binne die konsep van 'n vennootskap te orden



Aspekte aangaande die PUK en gemeenskapsdiens. Die voorbeeld hier is prof. Jan Smit (Ebons-inisieerde) by 'n reeks boeke wat deur personeel van die Eenheid vir Natuur- en Skeikunde vir skole beskikbaar gestel is (Bron: PU-Kaner, 89(3), 1989, p. 28); Proff. Fika van Rensburg, Herrie van Rooy en Rassie Smit wat betrokke was by die skryf van die gewilde Die Bybel in Praktyk (Bron: PU-Kaner, 93(2), 1993, p. 6); Prof. Hans du Plessis (ATKV-Skryfskool) by een van die skryfopleidingswerkswinkels in Promosa (Bron: Die Taalgenoot, Okt. 2004, p. 47)

en te laat funksioneer. Hierdie ampsbenaming is in 1990 gewysig na Uitvoerende Direkteur: Tegnologie en Ontwikkeling, om suksesvolle skakeling op hoë vlak te bevorder.¹⁶⁰

- ‘n Kongres van tradisionele leiers in Suid-Afrika is in 1997 op die PUK-kampus gehou en as uitvloeisel daarvan is die Centre for Law and Development binne die Fakulteit Regte ontwikkel.
- Die Fakulteit Farmasie het vanaf 1997 betrokke geraak by dienslewering aan Ikageng en Promosa.¹⁶¹
- Die Eenheid vir Toekomsstudies (ETS) het in 1997 deelgeneem aan die beplanning en strukturering van die African Futures/United Nations Development Program Sub-Saharan Network se “Long-Term Perspectives Studies Network” wat ten doel gehad het om ‘n poel van kundiges te skep deur middel van kapasiteitsbou.¹⁶²
- Vanaf Mei 2000 is die Sentrum vir Kinderreg deur die PUK en die Universiteit van Pretoria gestig waaruit die Kinderlyn mettertyd ontstaan het.¹⁶³
- Die besondere bydraes van die Studentegemeenskapsdiens (SGD en later SJGD) is in Hoofstuk 7 Deel 1 vermeld.

11.4 Die “CHO-van” van die PUK as ‘n stem

Met die selfstandigwording van die PU vir CHO was die ideal van Christelike wetenskapsbeoefening onder die reeds erkende vaandel van PU vir “Christelike Hoër Onderwys” sedert 1926 al goed gevestig. Die Onderwyswet nr. 19 van 1950 van die Republiek van Suid-Afrika het in die vooruitsig gestel dat voorsiening gemaak moet word dat die Universiteit “... sy Christelike karakter [kon] handhaaf, sonder toepassing van enige denominasionele toets ...”¹⁶⁴ Prof. H.G. Stoker wat een van die sprekers was tydens die 1951-onafhanklikheidsfeesverrigtinge, het sy siening van Christelike wetenskap met die toehoorders gedeel. Sy gedagtes hieroor het mettertyd basiese vertrekpunte geword vir besinning oor die onderwerp. Volgens Stoker impliseer Christelike wetenskapsbeoefening dat God in beheer is van alles en die wetenskap derhalwe daar is om in diens van God en tot sy eer hanteer te word.¹⁶⁵ Op hierdie uitgangspunt is voortgebou toe besin is hoe onderrig aan studente binne hierdie tradisie moet geskied en hoe die wetenskap binne hierdie perspektief beoefen moet word.¹⁶⁶ Diegene wat binne bepaalde organisasies verbintenis met byvoorbeeld die Christelike Nasionale Onderwys (CNO)-Aksie en die praktiese toepassing van hierdie vertrekpunte gemoeid was, het soms met die kompleksiteite daarvan geworstel. Christelike wetenskapsbeoefening het ook verdere vrae laat ontstaan, byvoorbeeld wat die rol is van die staat se gesag in die onderwys versus ouergesag. Oor hierdie kwessie lewer prof. D.J. van Rooy die volgende kommentaar teenoor prof. Hennie Bingle:

“Ek vrees ten seerste dat die dop te hard en te dik is vir die C.N.O.-kuiken om ooit daaruit te voorskyn te kom. Dit is dan ook baie duidelik dat ons mense, ten minste dié wat nog vir C.N.O. voel, nie tevrede is nie, miskien ook maar gelukkig. Al weet hulle nie op die oomblik wat die alternatief moet wees nie. Dit is juis daar wat die A.C.B. moet probeer om die leiding te neem anders kan daar onbekookte dinge gebeur ...”¹⁶⁷

11.4.1 Die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (later REBSA)

Die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (ACB) waarna prof. Van Rooy verwys en wat later as die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika (REBSA) bekend gestaan het,



(Bron: Woord en Daad, Lente, 2002 (381), voorblad)

was reeds in die middel van die vyftigerjare besonder aktief. Onder meer is die maandblad Woord en Daad tot stand gebring as ‘n eerste inisiatief van sy soort om “‘n beskeie poging te wees in die rigting van Christelike joernalistiek waarvan daar in ons vaderland feitlik nog geen voorbeeld bestaan nie ...”¹⁶⁸ Alhoewel die ACB nie deel van die PUK was nie, was dit vanuit die PUK geïnisieer.¹⁶⁹

Om wel pertinent en prakties uitvoering te gee aan die PUK-“van”, het akademici reeds sedert die vyftiger- tot die negentigerjare toe nog geskakel met internasionale instansies waar ‘n Christelike benaderingswyse in die onderrigproses sentraal gestaan het.¹⁷⁰ By baie geleenthede is hierdie prinsipiële benadering van die wetenskap beklemtoon en verdedig. So byvoorbeeld het die Rektor, prof. J. Chris Coetzee, in 1956 teenoor ‘n gehoor in Stellenbosch opgemerk dat geen wetenskap totaal onbevange en sonder enige voorveronderstellinge beoefen word nie: “... daar is altyd ‘n filosofiese grondslag wat saamhang met die lewens- en wêreldbeskouing van die mens wat dit beoefen”.¹⁷¹

Geroepe tot die "handhawing van die eue-oue en aan hom toevertroude Christendomlike kultuur en beskawing", is die kursus Kulturele Roepingsleer in 1958 aan die PU vir CHO gevëstig na 'n versoek van die PU-Staatmakerveldkornetskap van die Voortrekkerbeweging. Prof. H.G. Stoker was nou betrokke by die samestelling van die kursusinhoud.¹⁷² Mettertyd is die kursus verdoop na Beginsel- en Metodeleer (ook by sommige bekend as Christelike Geloofsleer),¹⁷³ waarna die kursus weer herbenoem is as Studium Universale totdat die benaming in 1965 verander is na Etiek en Logika.¹⁷⁴ Namate die benaming van hierdie kursus en sy leerinhoud teen die vroeë sewentigerjare na Interfakultêre Wysbegeerte verander is,¹⁷⁵ het verdere wysigings nog eens gevolg en is die naam Wetenskapsleer uiteindelik aanvaar.¹⁷⁶ Nog was dit nie die einde nie. In November 1990 is besluit op die naam Reformatoriese Wetenskap vir hierdie kursus en sy inhoud.¹⁷⁷

Die Reformatoriese oftewel Christelike Wetenskap (Wetenskapsleer) as kursus is veral sedert die Bingle-rektorstermyn uitgebou. Prof. Bingle was gedurende die vroeë sestigerjare ook die Voorsitter van die ACB; hy was ook instrumenteel in die stigting van die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme (IBC),¹⁷⁸ wat later as die Instituut vir Reformatoriese Studie (IRS) bekendgestaan het.¹⁷⁹ Die IRS is beskou as 'n brugbouende liggaam tussen die PUK, die huisgesin, die kerk en baie ander samelewingsverbande.¹⁸⁰

Ten spye van die verpligte aard van die kursus Christelike Geloofsleer (en die daaropvolgende benamings), was die PUK-owerheid en -personeel in die breë nie onversetlik oor



Prof. H.G. Stoker (Bron: PUK-Argief)

die toepassingswyse daarvan nie. Hulle het voortdurend geworstel met en besin oor die sin en wyse waarop die inherente betekenis van "CHO" in die tersiêre onderrig aan die Universiteit prakties gestalte moet kry.¹⁸¹ Soos blyk uit berigte en latere meningsopnames in 2002 deur dr. Eloff, skyn dit asof die wyse van uitlewing van die "CHO" nie alle werknemers ewe opgewonde gestem het nie.¹⁸² 'n Ander vraag is hoe die die studente daaroor gevoel het.

11.4.2 Studente oor die "CHO"

Soos die "CHO"-debat aan die begin van die 21ste eeu, was daar ook diegene wat enkele jare voor en vanaf die selfstandigwording in 1951 skepties was oor die moontlikhede om die ideaal van Christelike wetenskapsbeoefening prakties gestalte te gee. Hierdie skeptiese siening het waarskynlik voortgespruit uit die kwelvraag hoe Christelike wetenskapsbeoefening verskillend kan wees van die wetenskapsbeoefening aan ander tersiêre inrigtings. In Die Wapad van Julie 1948 word hierdie kommentaar van die Redakteur, P.H. Snyman, gepubliseer: "Vir sommige is dié woorde tot aanstoot, vir andere is dit 'n leë etiket en vir nog andere is dit 'n voorwerp van lekker spot ..."¹⁸³

Enkele jare later het 'n ander student, C.N. Venter, in ooreenstemming met die gees van sy tyd, in 'n meer chauvinistiese toon betoog dat die Boerevolk, as Afrikaner-Calviniste (en waarvan die PUK deel is), "n Christelike roeping" het.¹⁸⁴ Oor hierdie aangeleentheid het die studentevereniging Korps Veritas Vincet ook van tyd tot tyd hulle stem laat hoor. Die ingebedde Christelike grondslag binne die konstitusies van studenteverenigings is verdedig en studente is aangemoedig om juis dié grondslag uit te dra na medestudente om sodoende "n diens te bewys aan ons volk, om op hierdie manier aan sy seuns en dogters terug te gee wat ons van hom [die PUK] ontvang het".¹⁸⁵

Sentimente ten opsigte van die aard en toepassing van "CHO" binne studentekringe was waarskynlik vanuit verskillende hoeke gedebatteer. André P. Brink, ingeskreve student op die PUK in die middel van die vyftigerjare en bekende Afrikaanse skrywer sedertdien, het by geleentheid in een van sy bydraes in Die Besembos opgemerk dat Christelik-Nasionale Onderwys nie diskriminasie voorstaan nie, maar dat dit die gelykwaardigheid van alle mense voor staat en God erken.¹⁸⁶ Of dit wel so verstaan is en sodanig toegepas is, is 'n ander vraag. In byvoorbeeld 'n meningsopname onder studente in 1967 was die meerderheid van oordeel dat die karakter van die Universiteit wel Christelik is, maar dat in die uitlewing daarvan 'n dikwels "aweregse houding ... aangetref" word, aangesien "mense wil hê dat die Universiteit hulle moet Christelik hou in plaas daarvan dat hulle die Universiteit Christelik hou".¹⁸⁷

Só ook het Korps Veritas Vincet se Studiekomitee in 1967 besin oor die betekenis van die "CHO". Die vernaamste

Die Wapad.

JULIE 1948.

DIE „C.H.O.” ‘N STRUIKELBLOK?

As 'n mens hoor hoe dikwels en op watter verskillende maniere mense struikel t.o.v. die ware betekenis van die woorde „Christelike Hoër Onderwys” wat volg op „P.U.K.”, dan stem dit jou tot nadenke. Vir sommige is dié woorde tot aanstoot, vir ander is dit 'n leë etiket en vir nog ander is dit 'n voorwerp van lekker spot.

In die eerste plek is daar buitestaanders wat geen die minste benul het van waarom dit gaan by of wat bedoel word met die „C.H.O.” nie. Veral in tweeërlei opsig word die saak hier misgevat: Eerstens is daar by baie (veral by oud-studente of huidige studente van neutrale universiteite) 'n totale onderskatting van die wetenskaplike werksaamhede aan die P.U.K., en dit omdat die „C.H.O.” volg na „P.U.K.” Hulle meen dat by lesings aan ons universiteitskollege missien 'n stukkie uit die Bybel gelees word en dat dan so effens verwys word na die standpunt en resultate van die sg. heidense wetenskaplikes. Hierdie misvatting by sulke onkundige persone wil ek nie weerlê nie; ek wil hulle alleenlik uitnooi om self te kom kyk. Miskien sal hulle die kop laat hang, want op die P.U.K. vir C.H.O. bestudeer ons nie alleen die standpunte en opvattinge en resultate van die Skrifverwerpende of Skrif-traak-my-nie-agtige wetenskappe nie (soos die ander universiteite dit doen), maar ons het daarby die heerlike voorreg om in die kolleges die heldere lig te sien wat Gods Woord laat straal ook oor die mens se wetenskaplike arbeid. Die byvoeging van „C.H.O.” wil dus sê: ook die gebied van die wetenskap word opgeëis vir die verheerliking van Gods Naam. Dit sê dat aan die P.U.K. getrag word om Calvinisme tot sy reg te laat kom. „In U lig” wil ons ook ons weteriskaplike arbeid verrig.

Maar ook in 'n ander opsig struikeling buitestaanders t.o.v. die „C.H.O.” en hierdie struikeling is van heeltemal verskillende karakter as die vorige. Daar is nl. mense wat meen dat alle persone (dosente en studente) wat verbonde is aan 'n universiteitskollege wat gekwalifiseer word met „C.H.O.” heilige en sondelose mense moet wees. Daardie mense is dan ook gedurig op die loer en spioeneer uit om tog net iets slegs te kan ontdek in die houding en lewensuitinge van dosente en studente wat verbonde is aan so'n Christelike universiteitskollege. Die geringste misstap van die kant van 'n enkele student bv. gee hulle dan ryke stof tot luide rugbaarmaking van gebreke van en verpletterende kritiek op die hele inrigting as sodanig met al sy professore, lektore en studente. Aan 'n Christelike inrigting, meen hulle, moet alles perfek, volmaak en heilig toegaan; die mense aan so 'n inrigting verbonde moet eintlik almal engeltjies wees. En so word die P.U.K. vir C.H.O. 'n skyf waarop die oë gedurig kritis gesvestig is. Met die ander universiteite is dit nie in so 'n mate die geval nie, en dit eenvoudig omdat hulle neutrale universiteite is, terwyl die P.U.K. die stempel van „C.H.O.” dra.

Hoewel hierdie mense se opvatting van die betekenis van „C.H.O.” natuurlik foutief is, behoort ons as studente egter daarmee rekening te hou. As gevolg van sy besondere stempel vorm ons inrigting in 'n groter mate 'n skyf vir veroordeling as wat die geval is met neutrale inrigtings. Die optrede van 'n student van die P.U.K. is dan ook 'n verantwoordelike optrede. Daaraan word ons hele inrigting beoordeel. Dus, hoewel 'n student van die P.U.K. beseft dat hy geen heilige mens is nie, behoort hy nie alleen in sy wetenskapsbeoefening Gods Woord te eerbiedig nie, maar ook in sy ganse lewe.

Die „C.H.O.” is egter nie alleen vir buitestaanders 'n struikelblok nie. In die tweede plek is daar ook van ons studente self wat maar nie kan regtrap t.o.v. die „C.H.O.” nie. Dit kom nl. dikwels voor dat studente die spot dryf daarmee —dink maar net aan die uitdrukking wat vir sommige studente soveel genoot verskaf nl. „P.U.K. vir CHOCOLATES.” Natuurlik kan ons hier onderskei tussen goedige spot en daardie soort spot waarin 'n giftige angel sit: 'n student is nl. tot enigets in staat en sal bv. maklik medoen aan die grappie




André P. Brink (Bron: PUK-Argief)

rede vir hierdie besinning was glo huis die hoorsê-uitsprake soos byvoorbeeld "dat hierdie universiteit 'bevooroordel' en 'onwetenskaplik' is". 'n Saak is daarvoor uitgemaak dat "selfs goddelose opvoedkundiges vandag moet erken dat 'n universiteit sonder 'n saambindende grondbeginsel geen bestaansreg het nie".¹⁸⁸ 'n Soek na die aard van so 'n saambindende grondbeginsel was gereeld die fokus van ondersoeke en projekte oor Christelike wetenskap.¹⁸⁹ Trouens, die besinning oor Christelike wetenskap was in die negentigerjare nog steeds 'n kernuitgangspunt vir die bevordering van navorsing in grondslaekwessies.¹⁹⁰

Wat studente se algemene gesindheid jeens Christelike wetenskap teen die sewentigerjare betref, was die resultate van nog 'n vraelys aan studente ook insiggewend. Dié vraelys is in 1972-1973 voltooi en in 1975 bekendgestel. Dit is bevind dat die meerderheid studente se gesindheid "oor die algemeen" positief is, maar dat hulle kennis van die aard en aksente van Christelike wetenskap swak is. Verder het tussen 50% en 60% gereken dat die dosente en studente van 'n Christelike universiteit nie noodwendig Christene hoef te wees nie. Die Universiteitsraad en die Studenteraad het gevvolglik afsonderlike inisiatiewe geloods om die betekenis van "CHO" groter substansie en begrip onder sy eie dosentekorps en studente te laat kry.¹⁹¹

Hoe spesifiek nuut ingeskreve eerstejaarstudente die implikasies van "CHO" geïnterpreteer het, is in 'n verslag in 1997 deur die eertydse Buro vir Akademiese Steun dienste bekendgemaak. Onder meer is gevind dat die



Wapen van Korps Veritas Vincent
(Bron: PUK-Argief)

groter studentegroep die "CHO"-karakter beskou het as die belangrikste motivering om aan die PUK in te skryf. Ook kleurlingstudente het die "CHO" en hoe onderwystandaarde as een van die grootste dryfvere vir hulle inskrywing aan die PUK beskou.¹⁹² Indierstudente het hulle uiteraard nie huis uitgespreek oor die "CHO" nie: vir hulle was die ligging van die Universiteit die grootste trekpleister. Vir die meerderheid studente was die "CHO" dus nog in hierdie stadium besonder prominent in die uitoefening van 'n keuse van 'n universiteit. Alhoewel die dieperliggende toepassing van die "CHO" op akademiese inhoud dalk nie altyd deur die studente begryp is nie, was die meerderheid waarskynlik van oordeel dat "CHO" saamval met gesonde norme, etiese waardes en dissipline-aspekte wat die meeste ouerhuise vir hul kinders begeer.

Van die kant van die Studenteraad is sedert die laat-negentigerjare ook tydens die jaartlike opleidingskamp die volgende omskrywing van hul interpretasie van die Christelike karakter aan die Bestuurskomitee voorgelê. Hierdie formulering van hul interpretasie lui soos volg: "Die Christelike karakter van die PU vir CHO verwys na 'n lewensingesteldheid teenoor beide die akademiese en nie-akademiese fasette van die [U]niversiteit. Die akademiese faset is die wetenskap wat vanuit 'n Christelike perspektief aan die [U]niversiteit beoefen word, terwyl die nie-akademiese faset verwys na 'n ingesteldheid om nie die goeie naam van die [U]niversiteit te skaad nie, soos dit op 'n Bybelse grondslag geskoei is."¹⁹³ (Kyk ook Hoofstuk 7 Deel 1 vir bykomende inligting oor die studente en die CHO.)

11.4.3 Konferensies oor die "CHO"

Vir 'n groter begrip van "CHO" is internasionale konferensies vir tersiêre inrigtings met 'n gereformeerde karakter in die Bingle-era georganiseer. Die konferensie met die fokus op Christelike wetenskapsbeoefening wat van 9 tot 13 September 1975 met die ondersteuning van die IBC op die PUK aangebied is, word veral in herinnering geroep.¹⁹⁴ Só ook die sukses wat hierdie samesprekings behaal het toe dr. Kun Sam Lee, na sy bywoning van hierdie konferensie, onderhandelinge met die PUK gevoer het om Koreaanse studente vir gevorderde studies ook aan dié universiteit (en eventueel ook aan ander universiteite) in te skryf.

Bewens die gerealde konferensies oor Christelike wetenskapsbeoefening is projekte ook begin waarin onder meer gefokus is op die inslag van Calvinisme in Suid-Afrika.¹⁹⁵ Ondanks hierdie aktiwiteite in die rektorstermyn van prof. Bingle was dit oënskynlik nie altyd vir hom so eenvoudig om die implikasies van die CHO in die PUK se doen en late te verdiskontere nie. Reeds in die 1966-rektorsverslag merk hy op dat "[I]n 'n wêreld waarin dit steeds moeiliker word om die Christelike beginsel te handhaaf en die materiële steun uit die finansiële sektor te bekom, hou daar ook nog ander nypende faktore die ontwikkeling teë ...".¹⁹⁶

Waarskynlik was een van hierdie knellende faktore gedurende prof. Bingle se rektorstermyn die onverkwiklike debat tussen die PUK en die Vrije Universiteit (VU) oor Christelike beginsels en die politiek.

11.4.4 Meningsverskille tussen die VU en die PU vir CHO

Dit was inderdaad 'n moeilike situasie toe die heersende politieke denke en manier van optrede daartoe gelei het dat die Vrije Universiteit van Nederland en die PU vir CHO hul goed bedoelde kulturele ooreenkoms van die vyftigerjare gedurende die middel van die sewentigerjare opgesê het. Hierdie ongelukkige situasie het ontstaan op grond van meningsverskille oor die interpretasie van die betekenisladung van die uitdrukking "Christelike universiteit". Nog 'n verskilpunt was hoe 'n Christelike universiteit se beskouings gereflekteer moet word in onder meer politieke ongeregteigtheid.¹⁹⁷ Dr. Beyers Naudé, wat kort tevore 'n eredoktorsgraad van die VU ontvang het, het albei instansies oor die kole gehaal oor hulle motiewe vir die verbreking van die ooreenkoms. In 'n brief het hy dit só gestel: "If both the FU and the PU take the basis of their institutions seriously, the termination of the existing cultural

agreement ought never to serve as a valid reason for the termination of a dialogue between Christians regarding such matters as weighty as social discrimination, social justice and liberation from oppression".¹⁹⁸ Dit was ook Beyers Naudé wat die inisiatief geneem het om die VU en die PUK so ver te bring om in 1976 oor hulle besluit te herbesin. Die gesprekvoering hieroor is klaarblyklik as suksesvol ervaar en daar is besluit dat dialoog voortgesit moes word. Tog het niks verder daarvan op grond van hierdie besluite ontwikkel nie¹⁹⁹ - nie in die daaropvolgende jare tot en met prof. Bingle se uittrede nie en selfs nie 'n dekade later nie. Eerder het die beeld en aansien van "CHO" 'n verdere knou gekry toe die IAPCHE gedurende die tagtigerjare en tot nog in 1991 geweier het dat die Potchefstroomse Universiteit lidmaatskap van hierdie vereniging verkry.²⁰⁰

11.4.5 Die Christelike karakter kry gestalte

In prof. Tjaart van der Walt se omvattende universiteitsontwikkelingsplan na 1977 het die daadwerklike uitbou van die Christelike karakter binne die wetenskap²⁰¹ en die PUK se beklemtoning hiervan aandag ontvang.²⁰² Hierdie proses van uitbou van en besinning oor die inherente betekenis van die Christelike karakter is voorgesit. So het die Viserektor, prof. J.S. du Plessis, met sy uittrede in 1984 steeds sy volkome vereenselwiging met die "naam" en die "van" van die PUK teenoor die media genoem,²⁰³ terwyl prof. Hennie Coetzee weer vrae geopper het oor die erns²⁰⁴ wat die PUK het met die uitlewing van die "CHO".²⁰⁵ Op sy beurt het die Viserektor, prof. Carools Reinecke, vanaf 1986 gewerk aan 'n raamwerk waarbinne veral nuwe dosente toegerus kon word vir die beoefening van hul wetenskapsfokus binne 'n Christelike paradigma.²⁰⁶ Prof. Bennie van der Walt, Direkteur van die IRS, het dikwels gewaarsku dat 'n stelsel (soos byvoorbeeld die Calvinistiese denkrijeting) te gesloten benader kon word en dan nie oop is en bly vir regstelling nie. Hy het benadruk dat die Calvinisme nie die norm is nie, maar dat die Calvinisme deur die Skrif genormeer word.²⁰⁷ Dit is waarskynlik hierdie "oop bly vir regstelling" wat van agterna beskou, dr. Willem de Klerk, oud-PUK en Raadslid van die PUK, asook eertydse Redakteur van Rapport die pen laat opneem het. Hy het die PUK se Sentrale Studente-raad van 1985-1986 behoorlik geroskam oor hulle "verstikkende konserwatisme" en die "skeefdwinging" van Christelike norme wat indirek 'n karikatuur van die PUK maak. Daarby het hy gemeld dat hierdie houding en gesindheid die progressiewe benadering wat die PUK meermale openbaar, heeltemal afbreek²⁰⁸(kyk ook Hoofstuk 7 Deel 1).



Die Vrije Universiteit (Bron: PUK-Argief {Elektronies})

Hierdie en soortgelyke debatte het uiteindelik gelei tot die doelgerigte uitbouing van die PU vir CHO-ideaal dat onder meer ook Christelike universiteite vir ander bevolkingsgroepe tot stand moet kom.²⁰⁹ Ook is benadruk dat die PU vir CHO veral die betekenisinhoud van die "CHO" wat die Universiteit wil uitdra, by Afrikaanse Christenstudente wil vooropstel.²¹⁰ Die betekenislading van "CHO" en die beklemtoning daarvan vir die Afrikaanse Christenstudent is somtyds gekritiseer en geïnterpreteer as 'n poging van die PUK om sy seksionele sentimente te bly koester. Gevolglik het die kritiek teen die PUK gereeld 'n karikatuur gemaak van pogings van die Universiteit om kontak met tersiêre instittings in Afrika te maak met die oog op die uitbouing van 'n Christelike benaderingswyse aan daardie instittings.²¹¹ Van Universiteitskant is moeite gedoen met uitreiking na en kontak opbou met Afrika. Hierdie pogings het veral gestalte gevind in die jaarlike Suid-Afrikaanse konferensies van die tagtigerjare onder leiding van die IRS.²¹²

11.4.6 Nuwe perspektiewe op en inisiatiewe vir die "CHO"

Sedert die rektorskaps van prof. C.J. Reinecke is verder voortgebou op die idee en inherente aard en betekenis van "CHO" - 'n aspek waarmee prof. Reinecke hom intens vereenselwig het en ook daadwerklik gestalte wou laat kry deur onder andere bande met geesgenootlike en internasionale instellings te smee. Sodoende is rigting gegee aan 'n gedetailleerde ondersoek oor Christelike Hoër Onderwys in internasionale konteks, insluitende die plek en bydrae van Katolieke universiteite.²¹³ Prof. Reinecke was oortuig dat só 'n ondersoek wat ook inligting mag bevat oor die nasionale en privaat wetgewing van Christelike universiteite en kolleges, van belang kan wees. Ook kon die wyse van subsidie enakkreditering deurslaggewend wees wanneer die plek en rol van die PU vir CHO in 'n toekomstige Suid-Afrika aan die orde sou kom.²¹⁴ Dit is bekend dat hierdie siening inderdaad al in 1992 as korrek bewys is. Artikel 31 van Wet 19 van 1950 is naamlik sodanig gewysig dat die PUK in die toekoms nie meer enige posaansoeker se denominasionele verbin-

tenis as norm kon aanlê by 'n benoeming nie.²¹⁵ In baie opsigte was hierdie tegniese wysiging 'n verbetering op die bewoording van die vorige wet en ook baie meer "verbruikersvriendelik" teenoor die PUK-personeelkorps.²¹⁶

In die Reinecke-rektorstermyn is die Senaatskomitee vir Reformatoriese Wetenskap (SRW) met prof. Pieter du Plessis as die Bestuurshoof daarvan op 15 Februarie 1992 amptelik geïnisieer. Opnuut is gepoog om die verpligte kursus in Reformatoriese Wetenskapsleer toepaslik vir die onderskeie dissiplines te maak. Die opleiding van dosente in Christelike wetenskapsbeoefening en die pogings tot geesgenootlike skakeling was nog eens aan die orde.²¹⁷ Van buite is dié PUK-benadering ook in hierdie periode steeds krities beskou.²¹⁸ Ongeag al die inisiatiewe wat onderneem is om die onderliggende betekenis en impak van die "CHO" skerper binne alle wetenskappe te laat vorm aanneem, was 'n evalueringsondersoek na die "CHO" as paradigma vir wetenskapsbeoefening, op inisiatief van prof. Reinecke, meer as tydig. Met 'n veranderende onderwysbenadering en -proses vir die gereedmaak van 'n nuwe politieke bedeling in 1994²¹⁹ het die PUK die inskerping van die "CHO"-gedachte 'n paar treë vorentoe laat beweeg. Onderwyl die Scott-kommisie 'n navorsingsverslag voorberei het met die tema "Die reg sposisie van die PU vir CHO in die nuwe grondwetlike bedeling",²²⁰ is eksterne kundiges aangestel




Dr. Beyers Naudé (Bron: B. Naudé, *My land van hoop (Human & Rousseau, Kaapstad, 1995)*, p. 97)

om algemene aanbevelings te maak oor die wyse waarop die Universiteit die nuwe onderwysproses kon benader. Voorts is die PUK-forum reeds in 1993 geskep wat jaarliks oor die karakter en taak van die PU vir CHO besin. Hierdie besinningsgeleenenthede vind elke jaar op 17 Maart plaas - 17 Maart is naamlik die herdenkingsdatum van die PUK se selfstandigwording in 1951. Uit hierdie inisiatief het geïsoleerde terugvoer van oudstudente voortgespruit,²²¹ asook reaksie van personeelde en selfs ‘n “vredesame” optog deur studente. Hierdie ontwikkeling word beskou as die grondslag vir transformasie aan die Universiteit.²²²

‘n Historiese gebeurtenis wat na die optog gevvolg het, was dat die Senaat en Raad van die PUK aanvaar het dat die standpunte wat die PUK-forum op 26 Junie 1994 gestel het, goed verwoord is.²²³ Die Forum het naamlik die volgende afleidings oor die bestaansreg van die beskouing oor “CHO” en die hantering daarvan in die verlede só geformuleer:

- “... that the PU for CHE, within the former government policy, within the framework and the context of the time and within the brokenness of human judgement, in the past accepted and implemented policy which deeply affected fellow South Africans and did not always realise the Christian principles for which the University stood;
- that although individual members of the University,



Dr. W.J. (Willem) de Klerk (Bron: PUK-Archief)


as ‘The Voice of Potchefstroom’ took strong stand-point against this, the University itself should have fulfilled a more clearly societal-critical and socially sensitive role, as could be expected from a Christian [u]niversity;

- that the University enters the new political era in a spirit of commitment and enthusiasm and as a Christian [u]niversity wishes to be involved in the community within which it functions in such a way that it fulfils its calling, although deeply aware of the complexities and challenges of the new era. It is the intention of the University as educational institution to serve the country and its people in accordance with the requirements of this era;
- that for co-operation with the government, as with other articulations of the community, constructive involvement is the point of departure of the University, but it should also guard against evil and in this process becoming uncritically subservient;
- that the Christian foundation of the University, as expressed in the motto ‘In Thy Light’²²⁴ will continue to serve as a conscience, but above all as an inspiration to take seriously the ideals of the University, while above all recognising the dependence on God Almighty for the fulfilment of the task of the University.”


Deels as uitvloeisel van die “CHO”-verklaring en -betekenis is ruimte geskep om persone uit die samelewing met ander geloofsoortuigings as dié waarmee die PUK tradisioneel geassosieer is, op die PUK-raad te benoem. Die burgemeester van Potchefstroom, dr. Ebrahim Sooliman, was só ‘n benoeming.²²⁵

Akademici het ook georganiseerd voortgegaan om die wetenskap en die plek van hulle spesifieke vakdissipline vanuit ‘n Christelike perspektief te belig.²²⁶ Die Christelike universiteit en politiek in ‘n apartheid- en post-apartheidsbedeling is ‘n tema wat prof. Elaine Botha van die Departement Filosofie in 1995 in ‘n Koers-artikel beredeneer het. Haar uitgangspunt was dat die interpretasie van wat die begrip “‘n Christelike universiteit” behels, grotendeels beïnvloed was en selfs bepaal was deur die kritieklose politieke posisie wat die Universiteit binne die apartheidbedeling ingeneem het. Sy het ook gestel dat die welmenende Christelike filosofie van H.G. Stoker die Universiteit ook nie op ‘n a-politieke koers geplaas het nie. H.G Stoker is as wysgeer deur die Universiteit as besonder prominent geag op grond van sy visie op die Universiteit voor en sedert selfstandigwording. Prof. Botha het die ontwikkeling van ‘n verantwoorde Christelike lewens- en wêreldbeskouing, sowel as die “deur- en uitwerk van die konsekvensies daarvan”, bepleit.²²⁷

Een van die “konsekvensies” was die persepsie wat die algemene publiek van die “CHO” gehad het. Die Afdeling: Skakeling en Werwing van die SSR het in 1995 die



*Prof. P.G.W. (Pieter) du Plessis, Direkteur van die SRW
(Bron: P.G.W. du Plessis)*



*Prof. Willem Scott
(Bron: PUK-Archief {Piet Fotokuns-versameling})*

volgende gerapporteer: “‘n Groot aantal mense dink ons is ‘n klein, plattelandse universiteitjie, ‘n dag se reis vanuit Johannesburg en as gevolg van ons Christelike karakter uiters konserwatief soos ‘n hoërskool.” As gevolg hiervan het die SSR daarop aangedring dat ‘n oorhoofse bemarkingsprogram van stapel gestuur word om hierdie soort beeld van die Universiteit af te breek. Deels as gevolg van hierdie versoek is die Departement Openbare Betrekkinge in 1996 geherstruktureer om ook ‘n Buro vir Bemarkingsdienste te akkommodeer.²²⁸ Daarna het die vestiging van die Sentrum vir Geloof en Wetenskap gevolg.


11.4.7 Die Sentrum vir Geloof en Wetenskap (SGW) met die IRS as deel daarvan

Gedurende 1996 is inisiatief ook geneem met die stigting van die Sentrum vir Geloof en Wetenskap (SGW).²²⁹ Hierdie sentrum moes dien as ‘n ondersteuningsdiens om grondslaekwessies veral vir die nagraadse en navorsingsgemeenskap van die PUK in perspektief te plaas. Hierdie inisiatief was moontlik een van die redes wat daartoe bygedra het dat die Kosin Universiteit in Korea ‘n eredoktorsgraad toegeken het aan die PU-rektor, prof. C.J. Reinecke. Dié toekenning kan beslis geïnterpreteer word as waardering vir die wyse waarop die PUK sy roeping vir meer as ‘n eeu vervul het. Ook was

dit ‘n erkenning van dit wat die PU vir CHO vir meer as ‘n kwarteeu vir die opleiding van nagraadse studente in veral die vakdissipline Teologie gedoen het.²³⁰

Die SGW het vanaf sy stigting probeer om ingelig te bly oor die werkzaamhede van fakulteite waarin die betekenis van die Christelike karakter duidelik blyk.²³¹ Prof. P.G.W. du Plessis is as eerste Direkteur van die SGW aangewys. Daarmee het die gesag van die eertyds gestigte Senaatskomitee vir Reformatoriese Wetenskap afgewentel na ‘n dagbestuur van die SGW.²³²

‘n Mylpaal vir die Raad met betrekking tot die bestendiging van die CHO-karakter van die Universiteit was in 1997 toe ‘n nuwe statuut deur die Raad aan die Departement van Onderwys voorgelê is. Die Ministerie van Onderwys se aanvaarding daarvan en die publikasie daarvan in die Staatskoerant van 9 September het die PUK die reg verleen tot ‘n institusionele kultuur vir Christelike hoër onderwys binne die nuwe demokratiese Suid-Afrika. Hierdie institusionele kultuur kon gevestig word binne die maksimale ruimte wat die nuwe ANC-bedeling gebied het.²³³ Die rol van die konteks in die ontstaan van instellings en dit wat uit die wetenskap op tersiêre onderwysvlak ontwikkel, is hiermee erken.²³⁴



Dr. Ebrahim Sooliman
(Bron: PUK-Argief {Fotografiese Dienste})

Om steeds die dieperliggende toepassing van die “CHO” verder binne die akademie aan te moedig, so is gesê,²³⁵ het die Instituut vir Reformatoriese Studies (IRS) in 1999 ontbind. Daarop het die IRS by die SGW (toe as eenheid bekend) ingeskakel. Albei instansies moes voortaan grondslaestudies by die skole en fokusareas van fakulteite fasiliteer en ondersteun.²³⁶ Voorts het prof. P.G.W. du Plessis en H.F. van Rooy in 1997-1998 die “CHO” opnuut beredeneer in die 1998-feespublikasie wat ten doel gehad het om die 125-jarige feesvieringe van 1994 af te rond. Onder meer het prof. Du Plessis verklaar dat die verhouding tussen universiteit en staat of universiteit en kerk ook deel sal bly van die geskiedenis en toekoms van die PU vir CHO - “al sal die verhouding tussen universiteit en gemeenskap al hoe skerper op die voorgrond tree”. Hy het ook gestel dat die bepaling “Christelik” in die “CHO” nie bedoel is om ‘n kerklike karakter te dra nie, maar eerder ‘n religieuse oriëntering veronderstel wat binne die raamwerk van onderrig en navorsing duideliker na vore moet kom.²³⁷ Prof. Van Rooy het op die mening van prof. Du Plessis voortborduur deur kritiese kwelvrae oor die Christelike karakter te stel. Een hiervan is die vraag of die element van “Christelik” in die benaming “Christelike wetenskap” altyd aantoonbaar is²³⁸ - ‘n doelstelling waarvoor die SGWveral sedert sy stigting geywer het. Tog was dit ‘n doelstelling waarvan daar na ‘n halwe dekade min waarneembaar was in die denke en die produkte wat PUK-akademici geskep het.²³⁹ Voorts het prof. Van Rooy, soos talle anders voorgangers, vermeld dat die etikettering van die PUK

as ‘n universiteit wat bloot “seksionele” belangte dien, veroorsaak is deur die stilswye van die meerderheid van die Universiteitskorps gedurende die jare van apartheid.²⁴⁰ Hierdie letsels aan die beeld van die PUK vertoon selfs nog teen 2002 die merke wat negatiewe persepsies gelaat het.

11.4.8 ‘n Nuwe era sonder die “CHO”

In ‘n verslag aan die Universiteit in 2002 het ‘n internasionale span bestaande uit oudrektore van Britse en Europese universiteite na ‘n jarelange ondersoek onder meer in hulle assessorering aanbeveel dat die kwalifisering van die Universiteitsnaam, naamlik “Christelike Hoër Onderwys”, weggelaat moet word. Sodoende sou ontslae geraak kon word “van ‘n stuk apartheidsgasie” - die assosiasie met Christelike Nasionale Onderwys wat sommige mense verbind het met die “van” van die Potchefstroomse Universiteit.²⁴¹ Die Rektor, dr. Theuns Eloff, toe maar nog kort in die tuig nadat hy in Februarie 2002 in die amp ingehuldig is, was ten gunste van hierdie aanbeveling. Sy motivering was dat die kwalifisende byvoeging tot die naam van die Universiteit die Christelike saak meer kwaad as goed doen vanweë die historiese bagasie daarvan.²⁴² In teenstelling met genoemde oortuiging was die mening van die studente en die PUK-personeel oor die naamverandering verdeeld; standpunte en menings het gewis-

The image shows the cover of the 'Koers' supplement from 1998. The cover is teal-colored. At the top left is a white stylized logo resembling a quill pen or a torch. To its right, the word 'KOERS' is written in large, bold, white capital letters. Below this, the title 'Verkennings in oorgang' is written in large, white, sans-serif font. At the bottom, smaller text reads 'Gedagtes by die 125-jarige bestaansjaar van die PU vir CHO - 1994'. At the very bottom, it says 'Supplement 1 1998' and 'BULLETIN VIR CHRISTELIKE WETENSKAP/BULLETIN FOR CHRISTIAN SCHOLARSHIP'.

Die 1998-feespublikasie van Koers
(Bron: Verkennings in oorgang, Koers supplement, 1998))


sel van van onder meer 'n politieke assosiasie daarmee tot 'n debat tussen studente uit verskillende eras en 'n beklemtoning van elke era se wyse van vereenselwiging met die volledige Universiteitsnaam.²⁴³ Voor die eksterne audit-span se aanbevelings bekendgemaak is, het personeellede ook geleentheid gehad om hulle mening te gee oor die moontlike verdwyning van die "CHO". Hierdie geleentheid om 'n persoonlike mening te lug is geskep in 'n gedeelte van 'n vraelys wat deur die Rektor op 31 Januarie 2002 aan elke werkkrag aan die PUK deurgegee is.²⁴⁴

Opvallend van die samevattende verslae wat uit die talle antwoorde op die vermelde vraelys saamgestel is, is die kaalkop- en kritiese standpuntinname van studente en veral van personeellede. Na soveel jare van deel wees van die "CHO", was sommige personeellede en studente in die 2002-opname van oordeel dat die "CHO"-begrip wollerig is en dat verwarring daaroor bestaan. Ander het gemeen dat die gebruik van die "CHO" net 'n bemarkingstrategie is. Dan was daar ook reaksie wat meer geartikuleerd bewoerd was: "Meeste ervaar fundamentele en grondwetlike probleme met dié konsep. Verkies dat die 'van' wegval en dat die 'CHO' veral eties, waardegerig en eerlik uitgeleef word ...", en "daar bestaan by personeel onduidelijkheid en selfs verwarring oor die Christelike karakter van die PUK. Die uitdrukking 'vir Christelike Hoër Onderwys' in die naam van die Universiteit is onduidelik in die sin dat 'onderwys' lankal nie meer die kernaktiwiteite van die Universiteit insluit nie. Daar word dikwels gepraat

van die 'Christelike karakter' van die PUK sonder dat dit duidelik is presies wat daarmee bedoel word. Daar word ook na die PUK verwys as 'n Christelike universiteit sonder dat dit duidelik is hoe 'n Christelike universiteit verskil van ander universiteite, en in watter opsigte die PUK die kenmerke van 'n Christelike [u]niversiteit vertoon ... die gevolg van al hierdie onduidelikhede is dat elkeen sy eie interpretasie aan die 'Christelikhed' van die PUK gee".

Benewens die reeds vermelde verslae het die SGW ook met 'n inisiatief gevvolg deur op 25 Februarie 2002 'n werkswinkel oor die Christelike grondslag van die Universiteit aan te bied wat gehandel het oor die volgende twee vrae: Hoe verstaan ons die Christelike grondslag van die Universiteit? Hoe moet dié grondslag gestalte kry in onderrig, in navorsing en in dienslewering?²⁴⁵ In dié gesprek is gestel dat die milieу waarbinne die wetenskap aan die Universiteit beoefen word, self die oorsaak kan wees dat daar 'n leemte is om die PUK se grondslag uit te leef. Onvoldoende wysgerige toegerustheid by fakulteite, is gesê, strem Christelike wetenskapsbeoefening van gehalte.

Om na byna 155 jaar eers agter te kom dat by die meerderheid van jou dosentekorps steeds onsekerheid bestaan oor die praktykmaking van die "CHO" kan ontstellend wees. Jare lank is half geïsoleerde debatte daaroor gevoer, maar eers in 2002 is hierdie kwelling op 'n breër konsensussoekende basis beredeneer. Hierdie debatte en die latere georganiseerde beredenering van wat "CHO" werklik impliseer, verklaar egter ook die ge-



Prof. Carools Reinecke se D.Th. (Honoris Causa) toekenning van die Kosin Universiteit, Korea (Bron: C.J. Reinecke)



Puk-dosent op die hande gedra in 'land van oggendstilte'

STEL jou voor: 'n Puk-dosent in 'n kimono voor 'n klas op 'n eiland vêr van hier. Darem nie heeltemal nie, maar prof. Hannes van der Walt van Opvoedkunde het naby daaraan gekom!

Prof. Van der Walt het op uitnodiging 'n aantal gaslesings oor Fundamentele Opvoedkunde aan studente van die Kosin-universiteit in Pusan, Korea, gaan gee.

"Dié universiteit is, soos die Puk, 'n Christelike universiteit. Dit is op 'n eiland hoog teen 'n berg geleë met 'n verruklike uitsig oor die see," vertel prof. Hannes.

Hy het tydens sy verblyf in Korea op die Youngdo-eiland gewoon, waar hy dikwels deur kerkgroepe en onderwysers genooi is om verskillende groepe toe te spreek.

Tydens 'n langnaweek is prof. Van der Walt op die Cheju-eiland trakteer. Dáár het die beoefening van 'n ware koinonia 'n blywende indruk op hom gemaak.

Die koinonia is 'n Koreaanse gewoonte wat 'n omvattende bad- en was-episode behels. "n Mens trek jou kaal uit en gaan deur procedures soos hare

en lyf was, stort, yswater, 'n nat sauna, 'n droë sauna, tandie borsel en 'n koue waterval. Dan kyk jy na die nuus op televisie, rus en ontspan lekker," vertel prof. Van der Walt. Die koinonia word met 'n ete langs die badkamer afgesluit.

"Die groot aantal ete-uitnodigings het my ook laat ontdek dat 'n volk se kultuur met sy eetgewoontes verband hou," sê prof. Van der Walt. Hy het gou agtergekom dat hy nie met die Sjinese eetstokkies of met die skerp snake van Koreaanse kos kon regkom nie!

Hoewel Korea in die Ooste bekend staan as die land van die oggendstilte, is dit alles behalwe die geval. "Die oggendkalmte verwys eerder na die temperament van die mense en die pragtige natuur waarmee die land spog."

Prof. Van der Walt sê talle lande worstel net soos Suid-Afrika met sosiale, ekonomiese, maatskaplike en politieke probleme.

"Die ywer waarmee die mense van Korea aan hul probleme werk is 'n aansporing vir Suid-Afrikaners om harder aan hul probleme te werk," sê prof. Van der Walt.

Ná sy lesingtoer in Korea is dié groot banier aan prof. Van der Walt geskenk. Mnr. Charles Viljoen, prof. HB Kruger (Dekaan: Opvoedkunde), mev. Elize van der Walt, prof. Hannes van der Walt en prof. Willem Postma het kom help om die banier voor die Fakulteit Opvoedkunde oop te vou.

Prof. J.L. (Hannes) van der Walt van Opvoedkunde (2de van regs) het ook 'n besondere ontvangs van die Kosin Universiteit beleef tydens sy aanbieding van 'n aantal gaslesings oor Fundamentele Opvoedkunde aldaar in 1993 (Bron: PU-Kaner, 93(1), 1993, p.11)



Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Privaatsak X6001 Potchefstroom 2520
Tel (018) 299 1111 Faks (018) 299 2799
<http://www.puk.ac.za>

Kantoor van die Rektor

Tel (018) 299-2601
Faks (018) 299-2603
E-Pos rktte@puknet.puk.ac.za

31 Januarie 2002

Beste Kollega

Uit gesprekke met verskillende groepe en individue is dit duidelik dat die PUK, om 'n goeie en ondernemende universiteit te wees, oor die volgende paar jaar drie dinge moet doen:

- Ons moet effektiewe bestuur hê;
- Ons moet die kwaliteit in onderrig, navorsing en implementering van deskundigheid verbeter; en
- Ons moet die universiteit strategies posisioneer om sy rol ten volle te kan speel.

Dit impliseer dat sekere veranderinge nodig is – iets wat deel is van vandag se tyd en wat voortdurend nodig is om te verseker dat enige organisasie (veral wanneer dit "suksesvol" is) nie stagneer en agteruitgaan nie. Verandering is dus nie iets wat nodig is omdat daar 'n nuwe rektor is nie, maar juis omdat almal by die PUK (nog) beter wil presteer en diens lewer.

Die senior bestuursgroep van die PUK (die Bestuurskomitee, dekane, hoofdirekteure en enkele adviseurs) het onlangs tydens 'n strategiese beplanningsessie besluit dat hierdie drie take die essensie vorm van wat nodig is om in die volgende vyf jaar te vermag.

*Die Eloff-vraelys in 2002 aan die PUK-personeel om hulle opinie te toets aangaande die voortbestaan van die CHO
(Bron: PUK-Argief)*

reelde vrae daaroor en die intense soeke na die regte teoretiese en praktiese benaderingswyse oor dekades heen. Op grond van die 2002-vraelys het die meerderheid dosente egter klaarblyklik vir eers verkies dat die "CHO" as "van" van die Universiteitsnaam behou word met die vereiste dat daadwerklik gepoog moet word om die praktykmaking van die "CHO" te verwerklik.²⁴⁶

Ondanks 'n sporadiese bevraagtekening van die betekenis en sinvolheid van die "CHO" het die meerderheid PUK-akademici tog waardering gehad vir wetenskapsbeoefening binne hierdie denkraamwerk en

lewensvisie.²⁴⁷ Só ook het 92% van die PUK-studente klaarblyklik in 2002 gestem dat die verwysing na die Christelike grondslag in die PUK-naam moet bly.²⁴⁸

Vroeg in 2003 is aan al die reeds vermelde vrae oor "CHO" 'n verdere kompleksiteit toegevoeg toe samesprekings oor die samesmeltingsproses tussen die PUK en die Universiteit van die Noordwese momentum gekry het. In die strukturele beplanningsproses is die werk-snaam "Platinum-universiteitstelsel" tydelik gebruik. Die Rektor, dr. Theuns Eloff, se keuse vir die voorlopige naam van die Universiteit het op "Potchefstroomse

CHO in die doodsnikke van die ou bedeling
Die posisie soos in 2002 - soos geinterpretéer deur prof. PJJS Potgieter

Toe dr. Eloff die leisels van die PUK op 1 Januarie 2002 oorgeneem het, was daar nog nie sprake van 'n samesmelting nie. Sy visie was om die PUK (met CHO en al) in 'n snel-veranderende nasionale en internasionale omgewing te laat werk en goed te laat werk. Maar dan was dit noodsaaklik dat daar duidelikheid kom oor wat presies met "Christelike Hoër Onderwys" bedoel word en oor hoe dit in die praktyk verwesenlik kan word. Met die oog daarop het hy begin met 'n proses van herbesinning waarinveral twee vrae aan die orde gestel is:

- Hoe verstaan ons die Christelike grondslag van die Universiteit?
- Hoe moet dié grondslag gestalte kry in (a) onderrig en navorsing, (b) die Universiteit se dienslewering en (c) die wyse waarop die Universiteit homself as 'n akademiese gemeenskap organiseer?

Die besinning het die vorm aangeneem van twee formele gesprekke (werkswinkels) waaraan alle personeel en studente kon deelneem, aangevul deur bydraes van individuele personeellede en studente. Tydens die eerste werkswinkel op 25 Februarie 2002 is verskillende ant-woorde deur personeel en studente op die bogemelde twee vroeë aangehoor en daar is indringend daaroor gargumenteer. Aan die einde van die werkswinkel is 'n taakspan aangewys om, in die lig van die verskillende antwoorde en ná 'n houdingsopname onder alle personeel en studente, 'n dokument op te stel waarin die Christelike grondslag van die Universiteit duidelik en in verstaanbare taal beskryf word. Ná 'n tweede werkswinkel en tientalle individuele bydraes van personeel en studente het die taakspan 'n dokument geproduseer wat beskou kan word as die mees omvattende en inklusiewe dokument oor die grondslag van die PUK wat ooit die lig gesien het. Dit is op die webblad van die Universiteit geplaas as 'n werksdokument wat steeds verder aangevul en verbeter kan word deur personeel en studente. Die dokument, getitel Grondslag van die PUK: inhoud en betekenis, reflektere hoe personeel en studente van albei kampusse die grondslag en die praktiese betekenis daarvan teen die begin van 2002 verstaan het en hoe hulle gedink het dit in die konteks van daardie tyd toegepas behoort te word.

Die lewensbeskoulike posisiekeuse wat weergegee is, het konsekwensies vir die naam van die Universiteit. Die essensie daarvan is dat die Christelike etos of rigting van die Universiteit in sy naam en/of simbole en/of missiestelling gereflekteer moet word. Oor die vraag hoe dit presies gereflekteer moet word en of die huidige naam verander moet word, het die personeel en studente wat aan hierdie gesprek deelgeneem het nie tot 'n finale gevolgtrekking gekom nie. Wat betref die plig van die dosent, is dit duidelik gestel dat Sy/haar taak as dosent is om die kritiese vermoë van die student te ontwikkel sowel as die student se vermoë om 'n eie standpunt te ontwikkel. Met die oog daarop is dit noodsaaklik om die student ook bloot te stel aan ander standpunte/beskouings en om hulle te leer om daardie standpunte/beskouings krities te evalueer - ook die Christelike standpunte en beskouings.

Studente word eweneens nie op grond van hulle geloofsoortuiging of kerklike verbintenis tot die Universiteit toegelaat nie. Die werklikheid waarmee rekening gehou moet word, is dat daar in elke klas potensieel studente met 'n verskeidenheid agtergronde sal wees wat verskillende standpunte/beskouings oor sleutelaspekte van die lewe en die wêreld en ook die wetenskap sal hê. Dit bied aan die student die geleentheid om akademies en kultureel met dié verskeidenheid kennis te maak en sy/haar voorkeure aan die hand daarvan te ontwikkel en te slyp. Van studente word nie verwag word om die Christelike grondslag van die Universiteit en Christelike standpunte/perspektiewe te aanvaar of goed te keur nie. Wat wel van hulle verwag word, is om dit te respekteer. Vir die onderrigleer situasie beteken dit dat dit van die student verwag kan word om 'n Christelike standpunt/beskouing weer te gee, te verduidelik, te vergelyk met ander, te kritiseer, ens., maar nie om dit noodwendig as sy standpunt/beskouing te aanvaar nie. Dit is sy/haar akademiese vryheid, wat ook deur die Grondwet beskerm word, om die Christelike standpunt/beskouing te aanvaar of nie te aanvaar nie. Uitkomste, opdragte en vroeë moet so geformuleer word dat dit baie deeglik met hierdie situasie rekening hou.

Wat die gesagstruktuur van die Universiteit betref, moet die volgende norme geld:

- Dat diens die norm vir enige amp sal wees. Hierdie diens sal bestaan in die beskerming en bevordering van die spesifieke roeping van elke lid van die Universiteitsgemeenskap.
- Dat bestuurders en/of leiers van die Universiteit hulle diens en leiding as rentmeesters/trustees met aanspreeklikheid en verantwoordelikheid teenoor mens en God moet hanteer. 'n Christelike bestuurder is 'n dienaar van diegene wat hy/sy bestuur. Van werkneemers word verwag om opreg, eerlik, pliggetrouw, betroubaar, doeltreffend en mede-verantwoordelik te wees.
- Dat gesag (die reg tot diens) insig in die Christelike norme van die Universiteit, asook gehoorsaamheid daaraan verg. Dit beteken onder andere regverdigheid en deursigtigheid in die evaluering van prioriteite, beleidsmaatreëls en die ontwikkeling, eksaminering en bevordering van personeel en studente. Dat die mag wat deur die gesagdraers uitgeoefen word altyd beperk en konstruktief sal wees. 'n Christelike bestuurder is 'n dienaar van diegene wat hy/sy bestuur.
- Dat die uitvoering van gesag en mag altyd moet geskied in aanspreeklikheid teenoor ondergesiktes en in verantwoordelikheid teenoor God.

Hierdie benadering tot bestuur en tot onderlinge verhoudinge moet uitdrukking vind in 'n gedragskode waarin die waardes wat optrede rig en die basiese procedures waarvolgens daar met mekaar in die universiteitsgemeenskap saamgewerk word, so duidelik as moontlik uitgestippel word. Hierdie waardes en gedragskode moet oop en akkommoderend geformuleer en toegepas word sodat dit nie eksklusief nie maar inklusief funksioneer.

Sover die 2002-gesprek

Hierdie interpretasie van die Christelike grondslag van die Universiteit het ernstig in die gedrang gekom as gevolg van die samesmelting. Hoewel daar 'n verstandhouding bestaan dat elke kampus sy eie etos kan behou en ontwikkel, bestaan daar nog geen duidelikheid oor die mate waarin die Potchefstroom en Vaaldrifhoek-kampusse die ruimte sal hê om die interpretasie wat hierbo gegee is, so eksplisiet te realiseer nie.

"Universiteitskampus" geval omdat die akronym PUK daardeur behou kon word. Ander stemme weer het laat hoor dat die naam "Sol Plaatje" meer gepas sou wees. Voorstanders van hierdie naamkeuse het geredeneer dat Plaatje geassosieer word met die Noordwes-provincie²⁴⁹ op grond van sy skrywerskap en intellektuele bydrae.

Die debat oor die naam het teen Augustus 2003 so 'n groot addisionele lading begin kry dat die Rektor, dr. Eloff, sonder veel omhaal van woorde, opgemerk het dat dit "polities onmoontlik geword [het] om die CHO as deel van die naam te behou". Hy het voorts opgemerk dat "dit nie beteken dat die PUK sy Christelike waardes sal verloor nie".²⁵⁰ Ironies genoeg het hierdie proses van bevraagtekening oor die bestaande waardestelsel van die PUK binne 'n beoogde nuwe bedeling, terselfdertyd saamgeval met die Ministerie van Onderwys se pleidooie vir waardestelsels binne die onderwys. Minister Kader Asmal en Wilmot James het byvoorbeeld oor waardestelsels die volgende opgemerk :

"We also learn values because we are moved or inspired by something that is valuable to us. Thus we learn and develop values relating to creativity of all kinds, the search for meaning in our lives, the discovery of knowledge and truth, a love of reading, doing a good job, even patriotism, loyalty and trust ... it is probably true to say that values acquired in and reinforced by social institutions are more meaningful and lasting, while those learnt outside of these tend to be more superficial and ephemeral ... Thus, government's principal role in a value strategy is to provide equitable and non-partisan support to the institutions within which these values can be taught and learnt."²⁵¹ Oor die algemeen lyk dit nie asof die PUK-gemeenskap geneë was om binne 'n groter universiteitsopset en as deel van die samesmeltingsproses met die Universiteite van die Noordwese en die Vista-kampus te Sebokeng, sonder meer afstand te doen van die "CHO" as "van", en as teken van sy jarelange korporatief-bewaarde Christelike grondslag en waardestelsel nie. Die historiese leuse "In u lig" sou ook in die samesmeltingsproses verdwyn, sodat groter ruimte geskep kon word vir ander sienings wat nie noodwendig die Christelike perspektief sou hoef te verteenwoordig nie. Oor hierdie moontlikheid het die gevoelens van PUK-werknemers en die gemeenskap gewissel van positief²⁵² tot 'n wekroep van besorgde stemme.²⁵³ Iemand het die moontlike weglatting van die "CHO" só opgesom:

"Oënskynlik is daar wel 'n faset van die Christelike karakter wat nog gehandhaaf gaan word, nl. die reg van elke Christen om (as hy so voel) in onderrig en navorsing sy persoonlike standpunt te kan uitdra. Hiervoor kan 'n mens baie dankbaar wees, maar dit verg baie verbeelding om op grond hiervan te beweer dat die [U]niversiteit as sodanig nog 'n Christelike karakter gaan hê ... Vir sommige Pukke en oud-Pukke is die nuwe waardesisteem 'n rede om vreugdevure aan te steek, omdat hierdie

verandering hulle persoonlike siening akommodeer. Vir hulle is dit dus 'n geboorte wat nuwe vooruitsigte bied. Vir ander is dit eerder 'n begrafnis ..."²⁵⁴

Ondanks die nuut saamgestelde Universiteit met 'n beoogde nuut geformuleerde "waardesisteem", het sommige van die dosente aan die PUK besluit om betrokke te bly by die ideaal om steeds die dissiplines waarby hulle betrokke is vanuit 'n Christelike perspektief aan te bied. Die gedagte om 'n studiegroep vir Christelike Hoër Onderwys te begin, is laat in 2003 geopper.²⁵⁵

Vanaf 2004, 70 jaar nadat die "CHO"-van heringestel is,²⁵⁶ sou die PU vir CHO voortaan net bekend wees as die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, sonder die kwalifisende "CHO" as deel van die Universiteitsnaam. Daarmee is die dekadelange debat oor die waarde en toepassing daarvan vir eers beëindig. Dr. Theuns Eloff het dit só opgesom: "Through the negotiations of the past months we have established the broad framework for the NU [NWU]. The strategy was to retain the fundamentals of the PUK or to create room for it in the NU [NWU] ... among other things the PUK got ... room for living up to our Christian principles, and a Christian perspective on science".²⁵⁷ Net die tyd sou leer in welke mate beoog is om hierdie beginsels en perspektiewe in die nuwe tersiêre bedeling in stand te probeer hou.

11.5 Moedertaal - o skoonste taal

Gedurende die wordingsjare van die PUK (ongeveer 1870) is gesê dat Engels as onderrigtaal feitlik algemeen was - waarskynlik bloot omdat Afrikaans as volwaardige taal toe nog maar in sy kinderskoene was.²⁵⁸ Hierna het die Engelsgerigte Unisa-programme in die twintigerjare gevvolg en sewentig dekades later is die reeds gemelde TLS- sowel as die OLA-programme onder meer vir die behoeftes van Engels-georiënteerde studente ontwikkel.²⁵⁹

Alhoewel Engels as onderrigvoertaal in wese altyd deel was van die PUK se wyse van interne en eksterne kommunikasie waar nodig, was die Universiteit in sy pioniersjare baie intiem verbind met die stryd van die blanke Afrikaner teen Britse imperialisme. Gevolglik is die spore van akademici van die Teologiese Skool te Burgersdorp prominent in die stryd om die erkenning van Afrikaans. Hieronder telveral die leiding van prof. Jan Lion Cachet en ds. S.J. du Toit in die saamstelling van Di Patriot, asook hulle redakteurskap van die eerste Afrikaanse tydskrif, Ons Klyntji, in 1889. Dekades later het die PUK se stem in organisasies, wat die kultureel-ekonomiese ontwaking van die blanke Afrikaner bevorder het, verder geëggo in die stryd om die erkenning van Afrikaans as amptelike taal (1925), sowel as in die medewerking aan die Afrikaanse Bybelvertaling in die dertigerjare.²⁶⁰

Na die selfstandigwording in 1951 het die PUK-rektore hierdie ideaal van Afrikaans vir die Afrikaanse volk verder gekoester as 'n sterk aksent wat die PUK gelê het. Die latere Rektor, prof. Tjaart van der Walt, se reeds vermelde en veelseggende woorde ten opsigte van die karakter van die PUK, naamlik "... onvoorwaardelik Christelik en onbeskaamd Afrikaans",²⁶¹ was 'n nuanse wat sy opvolger ook van tyd tot tyd beklemtoon het.

Die toelating van twee swart voltydse nagraadse studente in 1973 aan die PUK en die meer akkommoderende reaksie van die Universiteit in die daaropvolgende jare namate apartheid gedisintegreer het, het 'n proses begin waardeur geleidelik wegbeweeg is van die kulturele eksklusiwiteit van die PUK, waaronder die gebruik van Afrikaans as vernaamste voertaal. Hierdie verandering het plaasgevind te midde van die nasionale aandrang op groter openheid - 'n beklemtoning wat lynreg gestaan het teenoor die druk vanuit die PU vir CHO se eie ondersteunersgemeenskap dat verandering nie welkom is nie. Tyd het die wiel geleidelik sodanig laat draai dat die ondersteunersgemeenskap en studente hulle uitgangspunt oor dié toedrag van sake moes hersien. 'n Verandering in denke en doen het noodsaaklik geword, ondanks die gegewe statistiek dat slegs 10% van die PUK se studente teen 1990 nie Afrikaans as eerste huistaal gebruik het nie.²⁶²

In 1997 was die Universiteit oortuig dat 'n meer soepel taalbeleid gevolg moes word. Van die vyf onderrigprogramme is slegs een in hoofsaaklik Afrikaans aangebied.²⁶³ Nogtans het die landswye optrede van die studentorganisasie SASCO oor veral sommige tersiêre instansies se taalbeleid²⁶⁴ vir dringende ondersoek gevra. Terselfertyd het die Buro vir Akademiese Steundienste in 'n vraelys aan studente in 1997 bevind dat die taalbeleid van die PU vir CHO baie laag op die rangordelys van redes is waarom studente aan die PUK inskryf.²⁶⁵ Die getal ingeskreve studente met Afrikaans as moedertaal was in hierdie stadium 71%; met 21% wat Tswana of Suid-Sotho as moedertaal aangedui het; 5% het hoofsaaklik 'n Engels-talige agtergrond gehad, en die oorblywende 4% van die studente het aangedui dat hulle ten volle tweetalig is.²⁶⁶

Nogtans het al die vermelde beroeringe oor Afrikaans gedurende die rektorstermy van prof. Reinecke daartoe gelei dat die Universiteit reeds in 1992 'n subartikel (Artikel 25(3)) by sy Private Wet gevoeg het waarin bepaal is dat die voertaal Afrikaans is, maar dat ander tale vir onderrig (eksaminering ingesluit) aangewend sal word waar dit, volgens die mening van die Senaat, vir legitieme onderrig noodsaaklik is.²⁶⁷ In Regulasie A.14 van die Universiteit is die taalbeleid van die PUK verder só omskryf:

"Die voertaal van die Universiteit is Afrikaans en sy onderrig, toetse en eksamens word slegs in Afrikaans aangebied."

'n Student mag egter van die Universiteit toestemming ontvang om enige skriftelike of mondelinge toets of eksamen in Engels af te lê. Die Senaat mag ook besluit dat ander tale vir onderrig aangewend mag word waar dit, na sy mening, vir effektiewe onderrig noodsaaklik is."²⁶⁸

Hierdie tegniese wysings en die toevoeging van genoemde klousule het vir 'n dekade oënskynlik die meerderheid studente²⁶⁹ tevrede gestem, voordat die taalbeleid opnuut in die spervuur gekom het.²⁷⁰

Benewens die "CHO", is die voorstel vir die oorskakeling na 'n tersiêre instansie wat algehele dubbeltaalmediumonderrig sou gee - soos voorgestel deur die vroeër vermelde eksterne assesseerders - ook nie sonder meer kritiekloos aanvaar nie.²⁷¹ Voorts het minister Kader Asmal²⁷² van die Nasionale Departement van Onderwys se bedenkinge oor die toekoms van Afrikaans as 'n voertaal in tersiêre onderrig, rektore van universiteite gedurende 2002 opnuut tot die taaldebat laat toetree. Op 28 September het 'n verklaring ten gunste van die bevordering van Afrikaans as universiteitstaal gevolg. Hierdie verklaring is onderskryf deur die rektore van die histories Afrikaanse universiteite (HAU), te wete RAU, US, UOVS, PU vir CHO en die UP.²⁷³

Geen besondere besluitneming het uit hierdie aksie voortgevloeи nie. Na Oktober is die Taakkomitee opdrag gegee om die indrukke van PUK-werknemers oor die taalaangeleentheid saam te stel.²⁷⁴ PUK-studente was hieroor ook vinnig om te reageer. Veral swart leerders het teen die eksklusieve gebruik van Afrikaans as voertaal op die PUK-kampus geprotesteerd.²⁷⁵

Op provinsiale ministeriële vlak is 'n dokument ook saamgestel en versprei waarin 'n konseptaalplan vir bespreking beoog is.²⁷⁶ Dit het daarop neergekom dat 'n taalbeleid gevolg sou word wat die taalwerklikheid van elke kampus in ag neem. Dr. Theuns Eloff het ook verder opgemerk dat Afrikaans nie sal verdwyn solank as wat daar Afrikaanse studente is nie.²⁷⁷ Hy het ook beklemtoon dat Afrikaans as kampustaal 'n belangrike aspek van die strategiese onderhandelinge was. Dr. Eloff het toe ook reeds die standpunt gehuldig dat "if these matters can be retained, the boundary conditions will have been met effectively".²⁷⁸

Die totstandkoming van die Noordwes-Universiteit (NWU) op 20 Junie 2003 (vir praktiese implementering vanaf Januarie 2004) het ruimte gelaat vir 'n taalbeleid wat elkeen van die geïdentifiseerde kampusse na goeddunke kon ontwikkel. Teen die tyd dat hierdie publikasie saamgestel is, was die laaste woord oor Afrikaans as vernaamste voertaal op die kampus en in onderrigprogramme nog nie gespreek nie.

11.6 Die PU vir CHO op internasionale²⁷⁹ terrein

Soos vroeër in die inleidende gedeelte vermeld is, is die handel en wandel van die PUK voor en na 1951 in 'n mindere of meerder mate verbind met die wêreld buite sy grense en die grense van Suid-Afrika. 'n Paar swart jare van oneffektiewe en selfs mislukte akademiese skakeling is beleef gedurende die sewentigerjare, maar veral vanaf 1986 toe 'n internasionale ekonomiese en kultuurboikot op Suid-Afrika toegepas is.²⁸⁰

Gedurende die negentigerjare is verbintenisse hernu of voortgesit en nuwe uitrek-aksies onderneem. Tot watter mate verbintenisse tot blywende sukses gelei het, is moeiliker om te bepaal. In die volgende gedeelte van dié hoofstuk word 'n oorsig gebied van die rol van die PUK na buite.

11.6.1 Kontak met Afrika

Voor die sewentigerjare het individuele akademici van tyd tot tyd kontak met Afrika gehad. Die Senaat en belangstellende personeel van die PU vir CHO het byvoorbeeld op 24 Junie 1957 die inisiatief geneem met die stigting van 'n Afrika-seminaar. Die doel hiermee was om by wyse van navorsing belangstelling te kweek en te bevorder vir Afrika en sy kulture. Die dieperliggende doel was die uiteindelike stigting van 'n Afrika-instituut.²⁸¹

Vanaf 9 tot 13 September 1975, gedurende die rektorstermyn van prof. Hennie Bingle, is "een van die grootste en mees ambisieuse projekte wat die PU vir CHO nog onderneem het", aangepak om onder meer ook kontak met Afrika te bewerkstellig, naamlik toe die Universiteit die eerste internasionale konferensie oor CHO aangebied het.²⁸²

Die resultaat hiervan was verreikend en die invloed daarvan het selfs verder as Afrika uitgekrag. Alhoewel hierdie konferensie mettertyd bekend geword het as die International Association of Christian Higher Education (IAPCHE) met die hoofkantoor by Dordt College in die VSA,²⁸³ het die PUK se Instituut vir Reformatoriële Studies (IRS) steeds die internasionale klaringshuis vir Christelike hoër onderwys gebly en het die IRS informasie wêreldwyd versprei. Die omsendpublikasie Circular (later Orientation) is op 'n stadium in 60 lande gelees. Hierdie internasionale blootstelling het studente van oral na die PUK getrek. Die Buro vir Buitelandse Betrekkinge het ook tot stand gekom en die IRS het 'n fonds begin wat bekendstaan as "CHO-Internasional".²⁸⁴

'n Verpolitisering van IAPCHE deur sommige belanghebbende partye het daartoe gelei dat 'n nuwe inisiatief begin is. Die IRS het van 1983 tot 1996 Suider-Afrikaanse Konferensies vir Christen-akademici en medegelowiges

gereël.²⁸⁵ Hierdie konferensies is vanaf 1987 tot volwaardige Afrika-konferensies uitgebou. Afrika-vennote het gestel dat daar 'n behoefte is aan die omlyning van omvangryker en grondliggende perspektiewe van 'n reformatoriële lewensvisie. Prof. Bennie van der Walt het in hierdie verband opgemerk: "Dit word duidelik hoe ver en wyd die 'stem van Potchefstroom' gehoor kón word ..." Teen 2004 was IAPCHE betrokke by die ontwikkeling van 'n kursus oor 'n Christelike lewensbeskouing en wetenskapsbeoefening waarby akademici wêreldwyd betrokke is.²⁸⁶

Benewens die behoefte aan materiële middele is die PUK se kundigheid ook ingespan om met verpleegstersopleiding te help en Christene uit Afrika 'n geleentheid te bied om by 'n instansie met hoë akademiese standarde in te skakel.²⁸⁷ Prof. C.J. Reinecke het tydens sy rektorstermyn die internasionale stand en status van die CHO-grondslag verder ondersoek.²⁸⁸ Op sy beurt het hierdie ondersoek in Afrika onder meer uitgeloop op besoeke aan die Daystar Universiteit in Nairobi, Kenia.²⁸⁹ 'n Ampelike ooreenkoms is in 2001 met Daystar gesluit en studente van hierdie universiteit is na die PUK gestuur om hulle studie te begin. Die verdere uitbouing van hierdie ooreenkoms was teen 2004 nog nie so vaartbelyn soos aanvanklik beoog is nie.²⁹⁰

Prof. Stef Coetze se aanstelling het spesifiek verband gehou met navorsingsontwikkeling en gedurende sy viserektorskaps het etlike kontraktuele verbintenisse met die privaat en openbare sektor tot stand gekom. Hieronder tel die Sasol-sentrum vir Chemie en die uitvoerbaarheidstudie wat SENRIO namens die United Nations Industrial Development Organisation (UNIDO) onderneem het oor ontwikkelingsprojekte in Afrika. 'n Eerste projek wat aangepak is, was die visbedryf in Uganda.²⁹¹

Teen 1999 het SENRIO internasionale kontak met ses instansies in Afrika gehad.²⁹² Daarbenewens het die Fakulteit Farmasie met die daarstelling van die Sentrum vir die Kwaliteitsverzekering van Medisyne (CENQAM) gedurende die negentigerjare ook 'n besondere bydrae gelewer om opleiding aan persone uit Afrika te verskaf.²⁹³

Die eerste IAPCHE-streekskonferensie in Afrika het meegebring dat²⁹⁴ drie dosente uit Afrika uitgenooi is om 'n diploma in tersiêre onderwys aan die PU vir CHO te volg. Hierdie diploma sluit onder meer 'n komponent oor Christelike wetenskapsbeoefening in.²⁹⁵ Sedert 1996 het steeds meer studente uit 'n verskeidenheid Afrikalande by die PUK vir hulle studie geregistreer. Tot en met 2001, toe die Internasionale Kantoor van die PUK sy deure vir die eerste keer geopen het, was internasionale skakeling met Afrikalande nog maar baie beperk. Met die struktuur van die Internasionale Kantoor gereed, het 'n meer gefokuste benadering tot internasionale skakeling vanaf 2002 gevvolg.²⁹⁶

11.6.2 Skakeling met Europa, die VSA en Oosterse lande



Vroeër is verwys na die kulturele ooreenkoms wat die PUK sedert die vyftigerjare met die VU gehad het - 'n ooreenkoms wat in die sewentigerjare nietig verklaar is, maar weer gedurende die negentigerjare hervat is.²⁹⁷ Wat skakeling met Oosterse lande betref, is 'n prominente trek sedert die sewentiger- tot negentigerjare die opleiding van veral Koreaanse studente in die verwerwing van grade in Teologie,²⁹⁸ Opvoedkunde of ander dissiplines. Hierdie ontwikkeling was grotendeels 'n uitloper van die IRS se jarelange skakelingsproses.²⁹⁹ Sedert 2003 is 48 Chinese studente ook aan die PUK aanvaar. As vereiste is gestel dat hulle eers 'n omvattende kursus in Engels moet slaag voordat verdere studie moontlik is. Vanuit die 2003-groep het tien Chinese studente in 2004 met 'n graad in die Handelswetenskappe begin, terwyl sommige vir 'n Hons.- of M.Com.-graad geregistreer het.³⁰⁰ Soos wat die buitelandse deure vir Suid-Afrika na die negentigerjare weer oopgegaan het nadat die eertydse Staatspresident (en ook die eertydse Kanselier van die PU vir CHO), mnr. F.W. de Klerk, etlike aankondigings gemaak het wat histories verreikend vir Suid-Afrika was, kon akademici gaandeweg weer deel hê aan akademiese konferensies en dit met vrymoedigheid bygewoon. Prof. Carools Reinecke het die leemte aan effektiewe skakeling wat as gevolg van die middel van die tagtigerjare



Die eerste IAPCHE-konferensie, 1975

(Bron: PUK-Argief {Piet-Fotokuns-versameling})

se boikot-aksies teen die land ontstaan het, op 'n begesterde wyse so gou doenlik probeer herstel. Ongelukkig was hierdie herstel van akademiese bande gedurende sy termyn hoofsaaklik net op Westerse lande gerig.³⁰¹



Van die publikasies van die Internasionale omsendpublikasie, Orientation, wat deur die PU vir CHO uitgegee is
(Bron: Ferdinand Postma-biblioteek)

Om die beplanning en die proses van die onderwysstelsel van die land 'n tree of twee vooruit te wees, was prof. Reinecke se ander doelgerigte en suksesvolle doelstelling. Die verhoudinge met die Vrije Universiteit (VU) wat in 1974 beëindig is, is ook gedurende sy rektorstermyn herno - so ook is kontak met buitelandse ambassades teen 1992 uitgebrei en verstewig. Prof. Reinecke het ook verskeie internasionale konferensies waarin onderwysontwikkeling as tema sentraal gestaan het,³⁰² bygewoon. Uit die bywoon van hierdie byeenkomsnte wou hy soveel moontlik put tot voordeel van die PUK.³⁰³ Benewens die herstel van bande met die VU is verdere inisiatiewe met betrekking tot die skakeling met ander Christelike universiteite regoor die Amerikas, Europa en Asië ook in die negentigerjare geloods.³⁰⁴ Die PUK en die Universiteit van Leiden het ook in 1992 'n samewerkingsooreenkoms onderteken.³⁰⁵ Die werkzaamhede van die Sentrum vir Regionale Ontwikkeling (SENARIO) sedert 1994, en vanaf 1996 hoofsaaklik bekend as die Gencor



*Die SENARIO-gebou
(Bron: PUK-Argief {Fotografiese Dienste})*

SENARIO, het ook internasionale bande bevorder. Die Sentrum het naamlik geskakel met deskundiges van etlike institute wat navorsing oor volhoubare ontwikkeling en sosiale studies onderneem het. Teen 1999 het SENARIO internasionale kontak met sowat vyf buitelandse instansies en sowat 50 nasionale instansies gehad.³⁰⁶

Soos vroeër vermeld is, is die Internasionale Kantoorn vir die hantering van internasionale skakeling in Januarie 2001 op inisiatief van prof. Jacques van der Elst³⁰⁷ op die PUK-kampus geopen. Hierdie kantoor moes meewerk om die proses van internasionalisering by die PUK te ondersteun. Benewens die ondersteuning van buitelandse studente, het die Internasionale Kantoorn ook die taak om PUK-studente geleenthede te bied om in die buiteland te studeer. Die eerste persoon om leiding vanuit hierdie Kantoorn te bied, was prof. Van der Elst en me. Samnia Krippendorff.³⁰⁸ Me. Krippendorff is deur die Universiteit van Rostock (Duitsland)

vir die beginjare van die Internasionale Kantoorn aan die PUK "geleen". Sowat 250 studente was teen Maart 2004 deel van die Internasionale Kantoorn se uitreikprogram.³⁰⁹

11.6.3 Die "vrye" universiteitsideaal van die PUK en die Vrije Universiteit, Nederland³¹⁰

Etlike dokumentêre uittreksels uit die vroeë geskiedenis van die PUK getuig daarvan dat die eerste akademici en teoloë se strewe vir die klein begin in tersiëre opleiding daarop gerig was om predikante sowel as onderwysers op te lei. Hierdie ideaal het gedurende die twintigerjare van die twintigste eeu impetus verkry.³¹¹

Benewens die Calvinistiese filosofie en Abraham Kuyper se beginsel van soewereiniteit in eie kring, was die PUK ook andersins indirek met die VU in voeling.³¹² Kuyper, die stigter van die Vrije Universiteit, se filosofie het 'n variasie van intellektuele interpretasies en toepassings in Suid-Afrika en ook op die PUK-visie tot gevolg gehad het (vgl. Kuyper se Stone Lectures in 1898).³¹³ As gekyk word na die aantal akademici wat reeds ná die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) deur Nederlandse hoëonderwysinstansies aangemoedig en finansieel ondersteun is om in Nederland hulle nagraadse kwalifikasies te verkry, dan is die verwysing na die rol van die VU - 'n effens jonger instansie as die PU vir CHO - net so prominent.³¹⁴ Bekendes in die teologiese kring van die PUK soos proff. Ferdinand Postma en J.D. du Toit (Totius) het met behulp van die finansiële steun van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM) aan die begin van die twintigste eeu aan die Vrije Universiteit gaan studeer.³¹⁵ J.D. du Toit het sy studie oor "Het Methodisme" voltooi en in 1904 predikant van die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom geword, terwyl Postma aan die Theologische School van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika benoem is. Dit is dus heel moontlik dat hulle behoefté aan 'n vrye universiteit vir Suid-Afrika reeds tydens hulle studietyd aan die VU wortel geskiet het. In vroeëre bronne word die volgende gestel: "Hierdie twee jong geleerde het in Amsterdam visioene gesien van 'n Vrye Universiteit in Suid-Afrika en na hul terugkeer het hulle die gesigte in die werklikheid omgesit ...".³¹⁶ Die Nederlands-gebore Jan Kamp is 'n ander voorbeeld van 'n akademikus wat onder Abraham Kuyper van die VU gestudeer het (hoewel nie 'n VU-student nie). Kamp was later Hoofredakteur van Die Vaderland sowel as van die De Weste in Potchefstroom. As onderwysman was Kamp ook 'n kampvegter vir Christelik-nasionele skole in Suid-Afrika.³¹⁷

Twee ander bekende en begaafde PUK-akademici wat op die een of ander wyse beïnvloed is deur die VU-onderwysstelsel, is proff. L.J. du Plessis³¹⁸ en J.C. van Rooy. Laasgenoemde is in 1951 as Rektor van die PUK benoem



Buitelandse studente saam met dosente en lede van die PUK-bestuur, ca. 1998 (Bron: Maclez Studios en Kampusnuus)

en in 1953 as Kanselier. Op sy beurt het die VU skakeling met die jong selfstandige universiteit in Potchefstroom só belangrik geag dat ‘n bekende VU-akademikus van die tyd, hul Rektor, prof. H. Dooyeweerd, afgevaardig is om die 1951-feesverrigtinge in Potchefstroom by te woon.³¹⁹ Jare later, vóór die breuk tussen die VU en die PU vir CHO, het nog ander studente aan die VU studeer. Selfs nog teen 2004 het hierdie studente prominente bydraes tot die akademiese beeld van die PU vir CHO gelewer. Hieronder tel proff. J.J. Venter, B.J. van der Walt en P.H. Stoker.³²⁰ Uit dokumente wat by albei universiteite gevind kan word, sowel as in verslae in dagblaaie en tydskrifte, blyk dit dat albei universiteite redelik op hoogte was van wat by sy eweknie aangaan.³²¹

Op die voorraand van die selfstandigwording van die PUK en sedert die dertigerjare was dit die VU-filosowe Dooyeweerd en D.H. Th. Vollenhoven wat filosowe aan die PU vir CHO beïndruk het, waaronder ook die reeds vermelde prof. H.G. Stoker. In die Senaatsverslag van 1950 word verwys na professor G.C. Berkouwer wat as buitelandse deputaat die sinodeverrigtinge van die Gereformeerde Kerk op die PUK-terrein bygewoon het. Ook het hy Korps Veritas Vincit toespreek oor “Wat is Christelike Onderwijs?”³²²

Nederlandse studiebeurse is ook vir PUK-studente aangebied. In die 1953-jaarboek word genoem dat sedert die dertigerjare ‘n beperkte aantal beurse deur die NZAV aan

PUK-studente beskikbaar gestel is. Die studente moes jonger as 25 jaar wees en besig met ‘n M.A.- of LL.B.-graad. ‘n Bedrag van 1 800 gulden vir hierdie doel is genoem.³²³ In Oktober 1952 is ‘n eredoktorsgraad in Lettere en Wysbegeerte deur die VU aan die Rektor van die PUK, prof. J.C. van Rooy, toegeken.³²⁴ Volgens die bestaande VU-bronne het die verbintenis tussen die PUK en die VU in 1958 formeel tot stand gekom en was dit op die Potchefstroomse Universiteit se versoek.³²⁵ Op 14 Augustus 1958 is die uitruiskskema tussen die PUK en die VU amptelik begin toe prof. J.H. Waterink van die VU in Suid-Afrika gearriveer het³²⁶ en tot 14 Oktober 1959 sy akademiese verpligtinge in die Fakulteit Opvoedkunde nagekom het.³²⁷

Die verbintenis tussen die VU en die PU vir CHO het vir sowat drie dekades sonder enige noemenswaardige probleme gefunksioneer, alhoewel die Suid-Afrikaanse grondwet wat geskoei was op die beginsel van rassegelandheid beslis deur die jonger intellektueles in Nederland bevraagteken is.³²⁸ ‘n VU-student se indrukke van hierdie verbintenis soos dit teen die sewentigerjare in dokumentasie bewoord is, lui soos volg:


“Voor hun gevoel [PU vir CHO] waren ze dus orthodoxer dan de VU. Dit is een deel van de spanning tussen de universiteiten geweest. Want aan de ene kant modelleerden ze zich op de VU, aan de andere kant vonden ze dat de VU niet strikt genoeg was. En zeker niet

*H. Dooyeweerd (Bron: Internet)*

toen de VU omstreeks 1968 besloot haar Gereformeerde karakter te laat vallen en zich oecumenisch te oriënteren. Zij beschouwden dit als verraad aan het beginsel. De spanning tussen VU en PU vir CHO was dus veel meer dan alleen de spanning over apartheid ...”³²⁹

Remco Peterse, die genoemde uitruilstudent van die VU, gaan in op hierdie spanning en die PUK se beleid wat - aldus die VU - sinoniem met regering-beleid was. Na die konflik tussen die VU en die PU vir CHO teen die sewentigerjare ‘n hoogtepunt bereik het oor die reeds vermelde spanning, skryf prof. Bingle in die rektorsverslag van 1974 die volgende: “Interessante dialoog is met die VU gevoer oor die Suid-Afrikaanse situasie. Dit is gedoen deur briefwisseling³³⁰ wat in die verskeie studentekoorante geplaas is. Ongelukkig is daar op hierdie stadium vier maande laas ‘n antwoord van die VU ontvang wat ‘n vraagteken plaas agter verdere suksesvolle dialoog”.³³¹ Die VU se verbreking van die dialoog en die opheffing van die kulturele verdrag tussen die VU en die PU vir CHO op 15 Oktober 1974 het ‘n wesenlike invloed gehad op die Potchefstroomse Universiteit se vrye akademiese skakeling op internasionale vlak.³³² Die VU het sy besluit daaroor só genotuleer - ‘n week voor die terminering van die kulturele ooreenkoms tussen die VU en die PUK:

“In zijn vergadering van 8 October j.l. heeft de Universiteitsraad van de Vrije Universiteit besloten, de bestaande overeenkomst met de Potchefstroomse Universiteit vir Christelik Hoér Onderwys te verbreken en aan het College van Bestuur op te dragen van dit

*Dr. H. Brinkman (Bron: Internet)*

besluit en de overwegingen die ertoe leidden de Universiteit van Potchefstroom in kennis te stellen ...”³³³

Onder meer was hierdie verbreking van bande ‘n waarneembare en verwytende reaksie oor die PU vir CHO nie sy stem laat hoor het teen die apartheidstaatsbestel nie.³³⁴ Informele nie-amptelike besoeke tussen akademici van albei universiteite was daar wel sedertdien.³³⁵ Dit was eers ten tyde van prof. Reinecke se rektorstermyn, wat saamgeval het met die Suid-Afrikaanse regering se herbesinning oor die land se konstitusionele bedeling, dat ‘n hernude belangstelling ontwikkel het tussen albei tersiäre instellings om opnuut bande van assosiasie te smee. Ook hierin het die VU leiding geneem, alhoewel prof. Reinecke op sy beurt bereid was om met ‘n aantal persone samesprekings in Nederland te voer om eerste-hands van die VU-akademici se verwagtinge te verneem.³³⁶

Voorts is ‘n doelgerigte poging om internasionale skakeling op bestuursvlak te bewerkstellig, vanaf 1990 deur die Raad en die rektor beplan. Die Rektor, soms vergesel deur die Viserekotor, het etlike besoeke na België, Nederland en Frankryk onderneem.³³⁷ Verhoudinge met die VU is in prof. Reinecke se termyn herstel en daarop het die PUK se toelating tot lid van die IAPCHE ook in 1992 gevolg.³³⁸ Dr. H. Brinkman, Voorsitter van die College van Bestuur van die VU wat etlike jare later die PU vir CHO met ‘n eksterne assesseringsproses sou help, het ‘n prominente rol in die herenigingsproses van die VU en die PU vir CHO gespeel. Ironies genoeg was Brinkman se invloed ook rigtinggewend tydens die verbreking van VU-PUK-bande in die sewentigerjare.³³⁹ ‘n Navorsingsamewerkingsooreenkoms is sedertdien met die VU uitgebrei waarop uitruilstudente in groot getalle vir navorsing aan die PUK registreer.³⁴⁰

Met die amalgamering van die PUK, die Vaaldriehoek-kampus en die Universiteit van die Noordwese sowel as die Sebokeng Vista-kampus in Januarie 2004, is dit in die vooruitsig gestel dat die nuwe NWU 'n groter geloofwaardigheid sou skep om 'n gesonder skakeling met Afrika en die res van die wêreld te verkry.³⁴¹


11.7 Die PUK midde in 'n veranderende onderrigmilieu

Die rol en impak wat omgewingsinvloede op 'n universiteit se wel en wee het, het eers gedurende die tagtigerjare in Suid-Afrika in 'n toenemende mate 'n werklikheid geword toe soveel ekonomiese faktore 'n rol begin speel het. Onder hierdie faktore kan die volgende gereken word: die toenemende selffinansiering van universiteite sowel as die internasionale boikotperiode wat vanaf 1985 knellend ingewerk het.³⁴²

Met sy afrede as Rektor het prof. Reinecke opgemerk dat suksesvolle universiteite van die 21ste eeu baie anders gaan lyk as wat dit teen 2001 daar uitgesien

het. Met tegnologiese vooruitgang binne die raamwerk van internetfasilitete en ander toepaslike tegnologie, is gehalteonderrig as 't ware tot binne in die kamers van studente gebring. Al hoe meer studentgesentreerde studiemateriaal het selfstandige leer bevorder.

Die Nasionale Departement van Onderwys se uitkomsgerigte onderrigbenadering is vanaf 2002 op 'n meer waarneembare wyse by die PUK geïmplementeer. Gepaardgaande hiermee is gemeen dat die toenemende fokus op samewerking met eksterne kundiges (nasional en internasional) ook 'n gesonde impak op die Universiteit se navorsingsbenadering en algemene beeld behoort te hê. In die dienslewering van die Universiteit word gepoog om - ook binne die raamwerk van 'n demokratiese Suid-Afrika - die groeiende aanspraak dat universiteite meer betrokke moet raak by die sosio-ekonomiese behoeftes van gemeenskappe, pertinent te betrek.³⁴³ Die nuwe eeu vra dalk van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit 'n nog groter inset van uitnemendheid in die opheffing en opvoeding van die breë Suid-Afrikaanse samelewing. Sodoende sal die PUK kan oorleef as deel van die groter NWU, meer as enige tyd tevore in sy akademiese verlede.



10 jaar van demokrasie in SA met die bekende gesigte van mnr. De Klerk, Mandela en Mbeki (Bron: Internet)

